# Kom, Here Jesus, Kom



LOVE GOD GREATLY AFRIKAANS JOERNAAL

*KOM, HERE JESUS, KOM*

Kopiereg © 2022 deur Love God Greatly Bediening

Toestemming word verleen om hierdie dokument te druk en te herproduseer vir die doel om die *Kom, Here Jesus, Kom* aanlyn Bybelstudie te voltooi. Moet asseblief nie hierdie dokument op enige manier verander nie. Alle regte voorbehou.
Gepubliseer in Dallas deur Love God Greatly.

WANNEER VROUE
TOEGERUS IS MET DIE
KENNIS VAN GOD SE
WAARHEID, WORD DIE
WÊRELD VERANDER,
EEN VROU OP 'N SLAG.

## INHOUD


*003* WELKOM

*004* INLIGTING OOR LGG

*005* ONS MISSIE

*006* SOAP BYBELSTUDIE METODE

*009* GETUIENIS

*010* WÊRELDWYE BEDIENING

*011* KEN HIERDIE WAARHEDE

*014* INLEIDING

*015* LEESPLAN

*017* DOELWITTE

*019* WEEK 1

*042* WEEK 2

*065* WEEK 3

*088* WEEK 4

*111* WEEK 5

*137* WEEK 6

*160* SLUIT BY ONS AAN

*161* VIR JOU

*Vir Jou*

IS DAAR
GEBID; DIT IS
GEEN TOEVAL
DAT JY AAN
HIERDIE STUDIE
DEELNEEM NIE.

## WELKOM!

Ons is verheug dat jy besluit het om by ons aan te sluit vir hierdie Bybelstudie! Weet dat daar vir jou gebid is; dit is geen toeval dat jy aan hierdie studie deelneem nie.

Ons gebed vir jou is eenvoudig: dat jy nader aan God sal groei soos jy jouself daagliks in sy Woord verdiep! Voordat jy begin om die aangewese Bybelverse vir die dag te lees, bid en vra God om jou te help om dit te verstaan. Vra Hom om deur sy Woord met jou te praat. Luister dan. Glo dat Hy getrou sal wees om tot jou te spreek. Wees getrou om te luister en te gehoorsaam.

Neem tyd om die verse oor en oor te lees. Die Bybel leer vir ons dat wanneer ons wysheid soek soos ons silwer sou soek, en dit opspoor soos ‘n verborge skat, dan sal ons weet hoe om die Here te dien en sal ons ontdek wat dit is om God te ken. (Spr. 2:4-5)

Almal van ons hier by Love God Greatly kan nie wag vir jou om te begin nie, en ons hoop om jou by die wenstreep te sien. Volhard, druk deur; moenie opgee nie! Eindig sterk met dít waarmee jy vandag begin.

Ons sal elke tree van die pad hier wees om jou aan te moedig! Ons is met jou. Kom ons sien wat God vir ons wil openbaar in hierdie studie. Reis saam met ons soos ons leer om God heelhartig met ons lewens lief te hê!

# OOR LGG

Love God Greatly bestaan om vroue reg oor die wêreld te inspireer, aan te moedig en toe te rus om God heelhartig lief te hê met hulle lewens.

Ons wil vroue INSPIREER om God se Woord ‘n prioriteit te maak in hulle daaglikse lewens, deur middel van ons Bybelstudie hulpbronne.

Ons wil vroue AANMOEDIG in hulle daaglikse lewenswandel met God, deur middel van ‘n aanlyn gemeenskap en persoonlike aanspreeklikheid.

Ons wil vroue TOERUS om in hulle geloof te groei, sodat hulle effektief ander mense vir Christus kan bereik.

Ons begin met ‘n eenvoudige Bybelleesplan, maar dit eindig nie daar nie. Sommige vroue kom bymekaar in hulle huise en plaaslike kerke, terwyl ander aanlyn met vroue reg oor die wêreld inskakel. Watter metode ookal gebruik word, ons vou liefdevol ons arms om mekaar en verenig vir hierdie doel: om God heelhartig met ons lewens lief te hê.

By Love God Greatly sal jy ware, lewensegte vroue vind. Vroue wat minder van mekaar, en baie meer van Jesus begeer. Vroue wat daarna smag om God deur sy Woord te ken, want ons weet dat Waarheid ons hervorm en vrymaak. Vroue wat beter is wanneer hulle saam is, versadig in God se Woord en in ‘n gemeenskap met mekaar.

Love God Greatly is toegewyd om kwaliteit Bybelstudiemateriaal te voorsien en glo dat finansies nooit in die pad moet staan van enige vrou om te kan deelneem aan een van ons Bybelstudies nie. Alle joernale is beskikbaar om gratis afgelaai te word van LoveGodGreatly.com

Ons joernale en boeke kan ook op Amazon gekoop word. Soek vir “Love God Greatly” om al ons Bybelstudie joernale en boeke te sien.

*JY SAL VROUE VIND WAT ONVOLMAAK EN TOG VERGEWE IS.*

Love God Greatly is ‘n 501 (C) (3) nie-winsgewende organisasie. Bevondsing vir Love God Greatly kom van donasies en opbrengste van ons aanlyn Bybelstudie joernale en boeke.

Een-honderd persent van die opbrengs gaan direk terug in die ondersteuning van Love God Greatly en help ons om vrouens reg oor die wêreld te inspireer, aan te moedig en toe te rus met God se Woord.

Arm-in-arm en hand-in-hand, kom ons doen dit saam.

# ONS MISSIE

## DIE BEHOEFTE

Biljoene vroue reg oor die wêreld het nie toegang tot God se Woord in hul eie moedertaal nie. Diegene wat wel 'n Bybel in hul eie taal het, het nie altyd Bybelstudiemateriaal wat spesiaal vir vroue ontwikkel is nie.

## DIE MISSIE

Love God Greatly bied Bybelstudies in meer as 40 tale aan. Ons rus sendelinge, Christelike organisasies, plaaslike kerke en vroue op 'n ongeëwenaarde wyse toe met God se Woord, deur toe te laat dat ons joernale gratis van ons internasionale webblaaie afgelaai kan word.

Deur die Bybel in hul eie taal te bestudeer met eensgesinde vroue, leer vroue meer oor God se Woord en word hulle daarmee toegerus.

Ons glo dat wanneer vroue God se Woord lees, dit toepas op hul lewens en God se onveranderende liefde vir hulle met ope arms aanneem, is die wêreld 'n beter plek. Ons weet dat een vrou wat God se Woord lees, 'n verandering kan bring in haar familie, haar gemeenskap en haar land… een vrou op 'n slag.

## SLUIT BY ONS AAN

Ons wil graag hê dat jy by ons aansluit in ons missie om alle vroue oor die wêreld die geleentheid te bied om toegang te hê tot God se Woord en kwaliteit Bybelstudiehulpbronne! Stuur gerus vir ons 'n e-pos of besoek ons aanlyn indien jy enige vrae het of meer inligting benodig. Ons hoor graag van jou!

INFO@LOVEGODGREATLY.COM
LOVEGODGREATLY.COM

## SOAP

*Bybelstudiemetode*

By Love God Greatly, glo ons dat God se Woord lewend en aktief is. Die woorde van die Skrif is kragtig en effektief en toepaslik vir lewe in alle tye en alle kulture. Om die Bybel korrek te interpreteer moet ons 'n begrip hê van die konteks en die kultuur van die oorspronklike geskrifte.

Ons gebruik die SOAP Bybelstudie metode wanneer ons die Bybel bestudeer. Dit staan vir Scripture, Observation, Application, and Prayer (Skrifgedeelte, Waarneming, Toepassing en Gebed). Dit is een ding om eenvoudig die Skrif te lees. Wanneer jy interaksie het met die Woord, doelbewus jou tyd neem om werklik daaroor na te dink, begin waarhede vir jou uitstaan. Die SOAP metode maak dit vir jou moontlik om dieper in die Bybel te delf en meer te sien as wanneer jy net die verse lees. Dit help ons om nie net te hoor wat die Woord sê nie, maar om te doen wat die Woord sê (Jak. 1:22).


*OM DIE BYBEL TE LEES IS NIE 'N VERSPILLING VAN TYD NIE. GOD SE WOORD IS LEWEND, KRAGTIG EN EFFEKTIEF, EN HY SPREEK TOT ONS DAARDEUR.*

In hierdie studiegids lees ons 'n Skrifgedeelte en pas dan die SOAP metode toe op spesifieke verse. Hierdie metode help ons om 'n beter begrip van die Bybel te kry, wat ons dan toelaat om dit effektief in ons lewens toe te pas.

Die mees belangrike bestanddele van die SOAP metode is jou interaksie met God se Woord en jou toepassing daarvan in jou lewe. Neem jou tyd om dit nougeset te bestudeer, en om die waarheid van God se karakter en sy hart vir die wêreld te ontdek.

## SOAP

*Bybelstudiemetode*



SOAP
WEEK 1 • MAANDAG

SOAP / *Openbaring 12:10, 2 Tessalonisense 3:3*
SCRIPTURE / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

Openbaring 12:10
Toe het ek 'n stem in die hemel gehoor wat hard uitgeroep
het: "Nou het ons God die redding gebring, nou is sy mag en
koningskap hier, en die gesag van die Gesalfde! Die aanklaer
van ons medegelowiges is uit die hemel uit gegooi, hy wat hulle
dag en nag voor ons God aangekla het."

2 Tessalonisense 3:3
Die Here is getrou; Hy sal Julle versterk en Julle van die Bose
bewaar.

OBSERVATION / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

Harde stem, kragtig
Ons word daagliks aangekla - konstante stryd
Die Here sal my help, versterk en bewaar.
Hy is altyd daar.
Hy is konstant, 'n beskermer in my lewe, bewaarder

32

S
STAAN VIR
SCRIPTURE
(SKRIFGEDEELTE)

*Skryf die SOAP vers neer.*


*Jy sal verbaas wees oor wat God aan jou sal openbaar wanneer jy rustig tyd neem om dít wat jy lees, neer te skryf!*

O
STAAN VIR
OBSERVATION
(WAARNEMING)

*Wat sien jy in die verse wat jy lees?*

*Wie is die gehoor vir wie hierdie geskryf is? Is daar 'n herhaling van woorde?*

*Watter woorde staan vir jou uit?*


APPLICATION / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

Herinner myself dat God se krag sterker is as enige iets anders.

Memoriseer hierdie verse en sê dit hardop elke dag hierdie week.

Vra God om my geloof in Hom te versterk.

Vertrou God dat Hy my van die bose sal bewaar.

Bid vir my broers en susters in Christus.

PRAYER / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

Dierbare Here,

Dankie dat U konstant, getrou en liefdevol teenoor my is. Help my om daagliks en deur moeilike tye my vertroue en geloof in U te verdiep.

Help my om te weet dat U altyd by my is om my te beskerm.

Herinner my aan ander se lyding en help my om hulle in hul groei te bemoedig.

Ek vra dit alles in Jesus se naam.

Amen.

33

## A STAAN VIR APPLICATION (TOEPASSING)

*Dit is waar God se Woord persoonlik word.*

*Wat sê God vandag vir jou? Hoe kan jy dít wat jy nou net gelees het, toepas in jou eie lewe?*

*Watter veranderinge moet jy maak? Is daar iets wat jy moet doen?*

## P STAAN VIR PRAYER (GEBED)

*Bid God se Woord terug na Hom.*

*Spandeer tyd om Hom te dank.*

*Indien Hy iets aan jou geopenbaar het tydens hierdie tyd in sy Woord, bid daaroor.*

*Indien Hy sonde in jou lewe geopenbaar het, bely dit.*

*En onthou, Hy het jou innig lief.*

HOOGTEPUNTE VAN ONS WÊRELDWYE BEDIENING

# GETUIENIS

*LGG Masedoniese Tak*

Ek het dag in en dag uit geleef sonder 'n werklike doel. My lewe het betekenisloos gevoel. Was ek geliefd? Is ek kosbaar? Wat sal gebeur as ek doodgaan? Hoekom leef ek tog?

Baie jare terug het ek besef dat ek erns moes maak met hierdie vrae. En God het my gehoor.

*GOD HET MY GEHOOR.*

Hy was gretig om my vrae te beantwoord, en Hy het my op 'n spesiale manier ontmoet. God het 'n persoon gekies deur wie Hy die evangelie aan my sou bring, en ek het sy gawe van verlossing aanvaar. Nie net het ek antwoorde op my vrae ontvang nie, maar ook Jesus as my liefdevolle Verlosser. Ek het nou 'n pragtige verhouding en 'n hoop wat alleenlik van Hom af kon kom.

Ek is in Masedonië gebore maar het my vroeë kinderjare in Duitsland deurgebring. Ek het altyd daarna gesmag om in kontak te bly met die Masedoniese kultuur en mense. Eendag, is ek voorgestel aan Love God Greatly in my kerk in Frankfurt, Duitsland. Na 'n ruk het God 'n deur oopgemaak om die mense in Masedonië te bedien, en ek is gevra om die Bybelstudies in Masedonies te vertaal. Aangesien ek steeds die Masedoniese taal leer, het ek vir lank gewik en weeg of ek die regte persoon is om dit te doen. Ek het gou besef dat God my op hierdie plek wil hê, en Hy het my geseën met 'n getroue vriendin en 'n mede-vertaler, Anita. Ons harte begeer om die mense nader aan Jesus te bring deur ons vertalings.

Ek ken nou die doel vir my lewe, en God se doel vir al sy kinders. Veral in hierdie tye van onluste en oorloë wat regoor die wêreld plaasvind, van pandemies en vervolging van susters en broers, mag ek elke dag die waarheid dat Jesus sy koninkryk sal vestig en dat Hy sal alles nuut maak, vertrou en daarop fokus. God self sal alle trane van ons oë afvee, daar sal nie meer dood wees nie, en daar sal nie meer droefheid of pyn wees wanneer Hy terugkeer nie.

Tanja

*LGG Masedoniese Tak*

HOOGTEPUNTE VAN ONS
WÊRELDWYE BEDIENING

# WÊRELDWYE BEDIENING

*LGG Masedoniese Tak*

KEN JY IEMAND WAT BY ONS LOVE GOD GREATLY BYBELSTUDIES IN DIE MASEDONIESE TAAL SOU KON BAAT VIND?

Indien wel, vertel hulle gerus van al die wonderlike Bybelstudiehulpbronne wat ons verskaf om hulle met God se Woord te help toerus!

---

OM MET HIERDIE TAK IN AANRAKING TE KOM:

Email: lovegodgreatlymk@gmail.com

---

HOE KAN JY VIR HIERDIE TAK BID?

Bid vir meer spanlede wat tyd het om toe te wy aan die vertaling van studies, om ons webtuiste te bou, en om met YouVersion te help.

Bid vir die verspreiding van die evangelie in Masedonië

---

SAL JY GRAAG WIL HELP?

info@lovegodgreatly.com

## KEN HIERDIE WAARHEDE

### *GOD HET JOU LIEF*

God se Woord sê, “God het die wêreld so liefgehad dat Hy sy enigste Seun gegee het, sodat dié wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie, maar die ewige lewe sal hê” (Joh. 3:16).

### *ONS SONDE SKEI ONS VAN GOD*

Ons is almal van nature en deur keuses sondaars, en as gevolg van dit is ons geskei van God, wat heilig is. God se Woord sê, “Almal het gesondig, en het nie deel aan die heerlikheid van God nie” (Rom. 3:23).

### *JESUS HET GESTERF SODAT JY LEWE KAN HÊ*

Die gevolg van sonde is die dood, maar God se gratis geskenk van verlossing is aan ons beskikbaar. Jesus het die straf vir ons sonde gedra toe Hy aan die kruis gesterf het.

God se Woord sê, “Die loon wat die sonde gee, is die dood; die genadegawe wat God gee, is die ewige lewe in Christus” (Rom. 6:23); “Maar God bewys sy liefde vir ons juis hierin dat Christus vir ons gesterf het toe ons nog sondaars was” (Rom. 5:8).

### *JESUS LEEF!*

Die dood kon Hom nie vashou nie, en drie dae nadat Sy liggaam in die graf geplaas is, het Hy opgestaan, en sonde en die dood vir ewig oorwin! Hy leef vandag in die hemel en is besig om ‘n plek in die ewigheid voor te berei vir almal wat in Hom glo.

Jesus sê, “In die huis van my Vader is daar baie woonplek. As dit nie so was nie, sou Ek nie vir julle gesê het Ek gaan om vir julle plek gereed te maak nie. En as ek gegaan het en vir julle plek gereed gemaak het, kom Ek terug en sal julle na My toe neem, sodat julle ook kan wees waar Ek is” (Joh. 14:2-3).

*WEET DAT JY VERGEWE KAN WORD*

Om Jesus as jou Verlosser te aanvaar gaan nie oor wat jy kan doen nie, maar eerder om geloof te hê in wat Jesus alreeds gedoen het. Dit verg dat jy herken dat jy ‘n sondaar is, dat jy glo dat Jesus vir jou sondes gesterf het, en dat jy vergifnis vra, deur jou volle vertroue te plaas in Jesus se werk aan die kruis om jou onthalwe.

God se Woord sê, “As jy met jou mond bely dat Jesus die Here is, en met jou hart glo dat God Hom uit die dood opgewek het, sal jy gered word. Met die hart glo ons, en word ons vrygespreek; en met die mond bely ons, en ons word gered” (Rom. 10:9-10).

*NEEM JESUS SE GRATIS GESKENK VAN VERLOSSING AAN*

Hoe lyk dit prakties? Met ‘n opregte hart kan jy ‘n eenvoudige gebed soos hierdie bid:

Jesus,
Ek weet dat ek ‘n sondaar is. Ek wil nie nog ‘n dag leef sonder om u liefde en vergifnis met ope arms aan te neem nie. Ek vra vir u vergifnis. Ek glo dat U vir my sondes gesterf het en uit die dood opgestaan het. Ek gee alles wat ek is oor, en vra U om die Here van my lewe te wees. Help my om weg te draai van my sonde en U te volg. Leer my om te weet wat dit beteken om in vryheid te wandel soos ek onder u genade leef, en help my om te groei in u weë, soos ek daarna streef om U beter te ken.
Amen.

*SKAKEL IN EN GROEI*

As jy nou net hierdie gebed gebid het (of iets soortgelyks in jou eie woorde), sal ons graag met jou wil kontak maak.

Jy kan vir ons ‘n e-pos stuur by info@lovegodgreatly.com. Ons wil dit graag saam met jou vier, saam met jou bid en jou help om met ‘n plaaslike kerk in aanraking te kom. Ons is hier om jou aan te moedig soos jy jou nuwe lewe as ‘n kind van God begin.

# *Kom Ons Begin*

KOM, HERE JESUS, KOM

# Inleiding

Ek glo ons almal voel dit. Daar was ‘n verskuiwing. Dit lyk asof die wêreld buite beheer is, en wat ons in die Bybel gelees het oor die laaste dae blyk reg voor ons oë te ontvou. Wat eens as goed beskou is, is nou sleg, en wat eens as sleg beskou is, word nou as goed geprys. Ons dae is gevul met ‘n dodelike mengsel van vrees, misleiding en onenigheid. Terwyl ons na die toekoms kyk, voel baie van ons wanhopig.

In Matteus was Jesus se laaste woorde, woorde van bemoediging: Moenie vrees nie. Jesus het die tyd geneem om ons te herinner dat Hy ons nooit sal verlaat nie. Maar hoe kan ons bemoedig word wanneer soveel in ons wêreld uitmekaar val? Hoe kan ons hoop hê? Hoe is dit moontlik om vreugde te vind in hierdie donker dae? Hoe kan ons sonder vrees na die toekoms kyk?

***Die antwoord is God.***

God is ons hoop. Hy is ons bestemming. Ons hoef nie ons toekoms te vrees nie, want ons toekoms is veilig in Hom.

Die doel van hierdie studie is nie om in die tydlyn of verskeie interpretasies van eindtydgebeure te delf nie. Inteendeel, die doel is om ons te bemoedig en ons te help om vas te hou aan die hoop wat ons in Christus het terwyl ons ons gedagtes en harte voorberei vir die laaste dae.

Ons weet nie watter uur Jesus sal terugkeer nie, maar dit beteken nie dat daar nie tekens sal wees nie. Die tekens in die Bybel is daar sodat, wanneer ons sien dat hulle in vervulling gaan, ons sal weet die tyd is naby. In hierdie studie sal jy regdeur die Nuwe Testament sien dat Jesus, sowel as ander, dikwels oor sy wederkoms gepraat het. Die doel van hierdie studie is om jou aan te moedig soos die tyd nader kom en om jou te help kies om waaksaam maar nie bang te wees nie. Mag Hy ons besig vind om te werk en te getuig terwyl ons in afwagting uitsien na sy wederkoms,

En totdat daardie langverwagte dag aanbreek, sal ons harte, gevul met hoop, uitroep, kom, Here Jesus, kom!!

***“Hy wat dit alles getuig, sê: “Ja, Ek kom gou!” Amen!***
***Kom, Here Jesus!” – Openbaring 22:20***

Gedurende hierdie volgende ses weke gaan ons kyk na ses verskillende areas rakende die wederkoms van Christus. Ons sal verse bestudeer wat handel oor die laaste dae. Ons sal in Jesus se eie woorde lees wat Hy oor sy wederkoms gesê het. Ons sal herinner word aan verhale in beide die Ou- en Nuwe Testament van mense wat in die hemel opgeneem is. Ons sal spesifieke gedeeltes lees wat oor die koms van ons Here praat, en ons sal die studie afsluit met uitdagings oor hoe om gereed te wees en hoe ons moet lewe in die lig van Jesus se wederkoms.

Ja, die tyd waarin ons leef is moeilik. Ja, ons is moeg. Ja, ons is in die versoeking om te vrees. Maar God hou ons in sy hand. Ons word geroep om mekaar te bemoedig terwyl Jesus se wederkoms nader. Kom ons doen dit. Die dae lyk dalk op die oomblik donker, maar die Seun sal opstaan. Jesus kom terug, en ons het soveel om na uit te sien!

Merk dit af

## LEESPLAN

### WEEK 1: IN DIE LAASTE DAE

○ *Maandag—Die Laaste Dae*
LEES: 2 Timoteus 3
SOAP: 2 Timoteus 3:1–5

○ *Dinsdag—In Die Dae Van Noag*
LEES: Lukas 17:26–37
SOAP: Lukas 17:26–27

○ *Woensdag—Spotters Sal Kom*
Lees: 2 Petrus 3:1–13
SOAP: 2 Petrus 3:3–4

○ *Donderdag—Die Een Wat Die Wettelose Terughou*
LEES: 2 Tessalonisense 2:1–17
SOAP: 2 Tessalonisense 2:7–8

○ *Vrydag—Die Laaste Uur*
LEES: 1 Johannes 2:18–19
SOAP: 1 Johannes 2:18–19

### WEEK 2: IN JESUS SE EIE WOORDE

○ *Maandag—Ek Kom Terug*
LEES: Johannes 14:1–4
SOAP: Johannes 14:3

○ *Dinsdag—Ek Gaan Weg en Kom Terug*
LEES: Johannes 14:15–31
SOAP: Johannes 14:27–28

○ *Woensdag—Ek Kom Gou*
LEES: Openbaring 3:10–11
SOAP: Openbaring 3:11

○ *Donderdag—Ek Kom Gou*
LEES: Openbaring 22:12–13
SOAP: Openbaring 22:12–13

○ *Vrydag—Ek Kom Gou*
LEES: Openbaring 22:20–21
SOAP: Openbaring 22:20

**WEEK 3: WEGGENEEM**

- ○ *Maandag— Henog: Deur Geloof...*
  Lees: Genesis 5:21–24; Hebreërs 11:5
  SOAP: Hebreërs 11:5
- ○ *Dinsdag—Elia: Weggeneem*
  Lees: 2 Konings 2:1–18
  SOAP: 2 Konings 2:11
- ○ *Woensdag—Jesus: Opgeneem*
  LEES: Lukas 24:44–53
  SOAP: Lukas 24:51
- ○ *Donderdag—Jesus Sal Terugkom Net Soos Hy Weggegaan Het*
  LEES: Handelinge 1:1–11; Hebreërs 9:27–28
  SOAP: Handelinge 1:11
- ○ *Vrydag—Twee Getuies: "Kom Op Hierheen!"*
  Lees: Openbaring 11:1–14
  SOAP: Openbaring 11:12

**WEEK 4: DIE KOMS VAN ONS HERE**

- ○ *Maandag—Saam Weggevoer*
  LEES: 1 Tessalonisense 4:13–18
  SOAP: 1 Tessalonisense 4:16–18
- ○ *Dinsdag—Glorieryke Verskyning*
  LEES: Titus 2:11–15
  SOAP: Titus 2:13
- ○ *Woensdag— Een Saamgeneem, Een Agtergelaat*
  LEES: Lukas 17:22–37
  SOAP: Lukas 17:34–35
- ○ *Donderdag—In 'n Oogknip*
  LEES: 1 Korintiërs 15:50–58
  SOAP: 1 Korintiërs 15:51–52
- ○ *Vrydag—Die Here Se Wederkoms Is Naby*
  LEES: Jakobus 5:7–12
  SOAP: Jakobus 5:7–8

**WEEK 5: WEES GEREED!**

- O *Maandag—Bly Waaksaam*
  LEES: Markus 13:32–37
  SOAP: Markus 13:37
- O *Dinsdag— Mag Ons Vertroue Hê Wanneer Hy Verskyn*
  LEES: 1 Johannes 2:28–3:3
  SOAP: 1 Johannes 2:28
- O *Woensdag—Bly Waaksaam*
  LEES: Matteus 24
  SOAP: Matteus 24:42–44
- O *Donderdag—Ek Ken Jou Nie*
  LEES: Matteus 25
  SOAP: Matteus 25:12
- O *Vrydag—Wees Gereed!*
  LEES: Lukas 21
  SOAP: Lukas 21:34–36

**WEEK 6: HOE MOET EK LEWE?**

- O *Maandag—Moedig Aan Soos Die Dag Nader Kom.*
  LEES: Hebreërs 10:19–25
  SOAP: Hebreërs 10:24–25
- O *Dinsdag—Wag Vir Die Vreugdevolle Vervulling Van Ons Hoop*
  LEES: Titus 2:11–15
  SOAP: Titus 2:11–13
- O *Woensdag—Bemoedig Mekaar.*
  LEES: 1 Tessalonisense 5:1–11
  SOAP: 1 Tessalonisense 5:9–11
- O *Donderdag—Doen Die Werk Waartoe God Jou Geroep Het*
  LEES: 2 Timoteus 4:1–8
  SOAP: 2 Timoteus 4:5
- O *Vrydag—Maak Dissipels Van Alle Nasies*
  LEES: Matteus 28:16–20
  SOAP: Matteus 28:19–20

## JOU DOELWITTE

*Skryf drie doelwitte neer waarop jy graag wil fokus elke dag wanneer jy God se Woord bestudeer. Maak seker dat jy gedurende die volgende paar weke terugverwys na hierdie doelwitte om jou te help om gefokus te bly. Jy kan dit doen!*

*EEN*

*TWEE*

*DRIE*

*Die geheime krag van die wetteloosheid is al aan die werk, maar die een wat die wettelose teëhou, moet eers uit die weg wees, en dan sal die wettelose self op die toneel verskyn. Maar wanneer die Here Jesus kom, sal Hy hom met die asem uit sy mond verdelg en deur die glans van sy verskyning vernietig.*

*2 Tessalonisense 2:7-8*

## BID

*Skryf jou gebedsversoeke en lofprysings vir die week neer.*

## WEEKLIKSE UITDAGINGS

*Ons weet Jesus kom terug! Alhoewel ons nie die presiese dag of tyd weet nie, weet ons dat elke dag wat aan ons gegee word, een dag nader aan sy wederkoms is. Hou hierdie waarheid hierdie week in gedagte en sit tyd opsy om te bid vir die redding van enige van jou ongeredde familie en vriende. Bid dat God jou in hul lewens sal gebruik om hulle te help om Hom deur jou te ervaar. Bid dat God hulle harte en verstand sal oopmaak vir sy reddende genade en vir hulle behoefte daaraan. Bid dat die Heilige Gees kragtig deur jou sal werk en dat hierdie vriende en familielede sal reageer op God se gratis gawe van verlossing.*

## LEES

*Week 1 • Maandag*

*2 Timoteus 3*

Dít moet jy weet: in die laaste dae sal daar swaar tye kom. 2 Die mense sal
selfsugtig wees, geldgierig, grootpraterig en verwaand, beledigend teenoor hulle
medemense en ongehoorsaam aan hulle ouers, ondankbaar en ongodsdienstig; 3
hulle sal liefdeloos en onversoenlik wees, kwaadpraters, bandeloos en wreed,
sonder liefde vir die goeie; 4 hulle sal verraaiers wees, roekeloos en hooghartig.
Hulle sal eerder liefde vir genot hê as liefde vir God. 5 Hulle sal nog die uiterlike
skyn van die godsdiens hê, maar die krag van die godsdiens sal hulle nie ken
nie. Bly weg van sulke mense af. 6 Party van hulle dring in die huise in en kry
liggelowige vroue wat met sonde belaai is en deur allerlei sinlike begeertes gedryf
word, in hulle mag, 7 vroue wat altyd iets wil leer, maar tog nooit tot die kennis
van die waarheid kan kom nie. 8 Net soos Jannes en Jambres hulle teen Moses
verset het, so verset hierdie mense hulle teen die waarheid, mense wat in die
verstand verward is en in die geloof ʻn mislukking. 9 Maar hulle sal nie ver kom
nie, omdat hulle dwaasheid vir almal duidelik sal wees, net soos dit die geval was
met Jannes en Jambres. 10 Maar jy het my nagevolg in leer, lewenswandel en
lewensdoel, in geloof, geduld, liefde en volharding, 11 in vervolging en ontbering
soos my te beurt geval het in Antiogië, Ikonium en Listra. Watter vervolging
moes ek nie alles verduur nie! Maar die Here het my uit almal gered. 12 Almal
wat in Christus Jesus toegewy aan God wil lewe, sal ook vervolg word. 13 Maar
goddelose mense en bedrieërs sal voortgaan van kwaad tot erger. Hulle mislei
ander en word self mislei. 14 Maar jy, bly by wat jy geleer het en wat jy vas
glo. Jy weet tog wie jou leermeesters was 15 en jy ken van kleins af die heilige
Skrif. Dit kan jou die kennis bybring wat tot verlossing lei deur die geloof in
Christus Jesus. 16 Die hele Skrif is deur God geïnspireer en het groot waarde om
in die waarheid te onderrig, dwaling te bestry, verkeerdhede reg te stel en ʻn regte
lewenswyse te kweek, 17 sodat die man wat in diens van God staan, volkome
voorberei en toegerus sal wees vir elke goeie werk.

## SOAP

*Week 1 • Maandag*

SOAP / *2 Timoteus 3:1–5*
SCRIPTURE / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

OBSERVATION / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION /** *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER /** *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

# DAGSTUKKIE

*Week 1 • Maandag*

## SOAP

*2 Timoteus 3:1–5*

*Dít moet jy weet: in die laaste dae sal daar swaar tye kom. Die mense sal selfsugtig wees, geldgierig, grootpraterig en verwaand, beledigend teenoor hulle medemense en ongehoorsaam aan hulle ouers, ondankbaar en ongodsdienstig; hulle sal liefdeloos en onversoenlik wees, kwaadpraters, bandeloos en wreed, sonder liefde vir die goeie; hulle sal verraaiers wees, roekeloos en hooghartig. Hulle sal eerder liefde vir genot hê as liefde vir God. Hulle sal nog die uiterlike skyn van die godsdiens hê, maar die krag van die godsdiens sal hulle nie ken nie. Bly weg van sulke mense af.*

## OORDENKING

Hierdie lys van karakter eienskappe wat mense sal openbaar in die laaste dae is nie bemoedigend nie. Voel jy die dringendheid in Paulus se skrywe? Dis asof hy dink die “laaste dae” is reeds hier, tog het hy dit twee-duisend jaar gelede reeds geskryf. Die rede hiervoor is dat die “laaste dae” in die Nuwe Testament verwys na die tydsduur wat begin het met Jesus se hemelvaart en Pinkster en sal eindig met sy Wederkoms. Ons lewe almal in die laaste dae.

Die blye nuus is dat elke dag wat ons leef een dag nader aan Christus se wederkoms is. Hierdie wete behoort ons te motiveer om elke dag te laat tel vir die ewigheid. Moenie toelaat dat moedeloosheid jou gedagtes vertroebel wanneer jy om jou rondkyk en sien hoe mense in jou wêreld meer en meer word soos die mense wat in vandag se verse beskryf word nie. Hou eerder moed. Wanneer almal om jou wil hê jy moet lewe soos hulle, roep na Jesus en vra Hom om jou die moed te gee tot sy eer te leef.

Moenie moed verloor soos die dae donkerder word voor Christus se wederkoms nie. Leef eerder met afwagting terwyl jy sien hoe die tyd nader en nader kom. Moenie vergeet dat Jesus net voor sy hemelvaart belowe het dat Hy ons nooit sal verlaat nie. Hy is by jou. Jy is nie alleen nie, en God waak tans oor jou lewe. Maak die meeste van die geleenthede wat Hy jou bied, en moenie moedeloos word nie. Hierdie wêreld mag dalk buite beheer lyk, maar onthou, God is magtiger as enigiets in hierdie wêreld, en hierdie wêreld is steeds onderworpe aan sy uiteindelike beheer.

## GEBED

Liewe Heer, dankie vir hierdie verse en vir die herinnering dat ons wêreld so moet word voor U terugkeer. Here, ek troos my daaraan dat alles in hierdie wêreld en in my lewe binne u beheer is. Help my asseblief om dapper te wees in hierdie laaste dae. Help my om elke dag met ‘n groter doel en dringendheid te leef tot U terugkeer. Tot daardie dag sal ek aanhou bid, kom, Here Jesus, kom. Amen.

## LEES

*Week 1 • Dinsdag*

*Lukas 17: 26-37*

“Net soos dit in die tyd van Noag gegaan het, so sal dit ook gaan in die tyd van
die Seun van die mens: 27 hulle het maar soos gewoonlik geëet en gedrink en
getrou tot op die dag dat Noag in die ark ingegaan het. Toe kom die sondvloed,
en dit het hulle almal uitgewis. 28 In die tyd van Lot het dit ook net so gegaan:
hulle het maar soos gewoonlik geëet en gedrink, gekoop en verkoop, geplant
en gebou. 29 Maar op die dag toe Lot Sodom verlaat het, het vuur en swael uit
die hemel gereën, en dit het almal uitgewis. 30 Net so sal dit ook gaan op die
dag wanneer die Seun van die mens verskyn. 31 “Dan moet die man wat op die
dakstoep sit, nie ingaan om sy besittings in die huis te gryp nie. Net so moet ook
die man wat op die land is, nie omdraai huis toe nie. 32 Onthou wat met die
vrou van Lot gebeur het! 33 Elkeen wat sy lewe probeer behou, sal dit verloor,
maar elkeen wat dit verloor, sal dit behou. 34 Ek sê vir julle: Dan sal twee mense
op een bed slaap, die een sal saamgeneem en die ander een agtergelaat word. 35
Twee vroue sal koring maal, die een sal saamgeneem en die ander een agtergelaat
word.” 37 Toe vra hulle Hom: “Waar, Here?” Hy sê vir hulle: “Waar aas lê, daar
sal aasvoëls ook bymekaarkom.”

## SOAP

*Week 1 • Dinsdag*

**SOAP** / *Lukas 17:26–27*
**SCRIPTURE** / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

**OBSERVATION** / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 1 • Dinsdag*

### SOAP

*Lukas 17:26–27*

*"Net soos dit in die tyd van Noag gegaan het, so sal dit ook gaan in die tyd van die Seun van die mens: hulle het maar soos gewoonlik geëet en gedrink en getrou tot op die dag dat Noag in die ark ingegaan het. Toe kom die sondvloed, en dit het hulle almal uitgewis."*

### OORDENKING

Terwyl Noag besig was met die finale afwerking van die ark en die mense rondom hom gesien het hoe die diere twee-twee die ark binne gaan, het hulle lewens en harte nie verander nie. Hulle het voortgegaan met hulle sondige lewenswyse tot op die oomblik dat God die deur gesluit het. Noag se geslag was een van godsdienstige kompromis en morele agteruitgang. Ek is seker Noag se hart moes gebreek gewees het hieroor. Ek kan my nie indink wat hy en sy gesin gehoor het toe die vloedwater gekom het nie.

Soos ons in vandag se gedeelte gelees het, sal Christus se wederkoms skielik en angswekkend wees vir die ongelowiges. Soos in die dae van Noag sal mense steeds normaal leef, sonder om te besef dat hulle wêreld op die punt is om drasties te verander. Huwelike sal steeds plaasvind, geleenthede sal steeds vooruit beplan word en mense sal steeds eet en drink en die lewe geniet tot op die laaste normale minuut.

Hoe beïnvloed hierdie herinnering van hoe die wêreld in Noag se dae was ons vandag? Eerstens moet ons onthou dat dit nou die tyd is om te bid en te werk. Bid vir jou ongeredde vriende en familie, want wanneer Christus terugkeer, sal dit te laat wees. Dit is nou die tyd om besig te wees met die werk waartoe God ons geroep het (Handelinge 1:6–11) terwyl ons gretig wag op die wonderlike vervulling van sy beloofde wederkoms. Terwyl ons wag, moet ons nie soos die Fariseërs wees wat meer besorg was oor toekomstige gebeure en die wonderlike geleenthede wat Jesus hulle in die hede gegee het, gemis het nie. Nee, kom ons wag gretig op Christus se wederkoms terwyl ons met dringendheid voortgaan om die werk te doen wat Hy vandag vir ons voorberei het.

### GEBED

Liewe Here, vandag staan ek stil en neem tyd om te bid vir my geliefdes wat U nie ken nie. Here, open asseblief hulle harte vir U. Ek bid vir redding vir almal in my lewe wat nog nie u gratis geskenk van verlossing aanvaar het nie. Here, gebruik my asseblief in hulle lewens om hulle te help om U beter te sien. My lewe behoort aan U, liewe Here. Gebruik my kragtig om meer mense te help om U as hulle Here en Verlosser te aanvaar terwyl ek daagliks bid, kom, Here Jesus, kom. Amen.

## LEES

*Week 1 • Woensdag*

*2 Petrus 3:1-13*

Geliefdes, dit is al die tweede brief wat ek aan julle skrywe. In albei het ek
geprobeer om julle weer helder te laat dink deur julle te herinner aan 2 die
woorde wat vroeër deur die heilige profete verkondig is, asook aan die gebod van
die Here en Verlosser wat deur julle apostels aan julle oorgedra is. 3 Veral moet
julle weet dat daar in die laaste dae mense op die toneel sal verskyn wat die spot
dryf en wie se lewe net deur hulle eie begeertes beheers word. Hulle sal spot 4 en
sê: "En wat het nou geword van die belofte van sy wederkoms? Ons vaders is al
dood, en tog bly alles nog net soos dit was van die begin van die skepping af." 5
Hiermee vergeet hulle moedswillig dat daar lank gelede 'n hemel en 'n aarde was
wat deur die woord van God uit water en deur water ontstaan het. 6 En dit is ook
deur water dat die wêreld van daardie tyd oorstroom is en vergaan het. 7 Maar die
hemel en die aarde van vandag is bestem en word bewaar vir die vuur, ook deur
die woord van God, en word in stand gehou tot op die dag waarop die goddelose
mense veroordeel en verdelg sal word. 8 Een ding moet julle egter nie vergeet
nie, geliefdes: vir die Here is een dag soos duisend jaar en duisend jaar soos een
dag. 9 Die Here stel nie die vervulling van sy belofte uit nie, al dink party mense
so. Nee, Hy is geduldig met julle, omdat Hy nie wil hê dat iemand verlore gaan
nie: Hy wil hê dat almal hulle moet bekeer. 10 Maar die dag van die Here sal so
onverwags soos 'n dief kom. En op dié dag sal die hemel met 'n groot gedruis
verdwyn, die hemelliggame brand en tot niet gaan, en die aarde met alles wat
daarop is, vergaan. 11 Aangesien al hierdie dinge so aan hulle einde gaan kom,
moet julle des te meer vroom en aan God toegewy lewe. 12 Leef in verwagting
dat die dag van God kom en beywer julle daarvoor, die dag waarop die hemel in
vlamme sal vergaan en die hemelliggame sal brand en wegsmelt. 13 Maar ons leef
in die verwagting van 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde wat God belowe het en
waar die wil van God sal heers.

## SOAP

*Week 1 • Woensdag*

SOAP / *2 Petrus 3:3–4*
SCRIPTURE / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

OBSERVATION / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 1 • Woensdag*

### SOAP

*2 Petrus 3:3–4*

*"Veral moet julle weet dat daar in die laaste dae mense op die toneel sal verskyn wat die spot dryf en wie se lewe net deur hulle eie begeertes beheers word. Hulle sal spot en sê: "En wat het nou geword van die belofte van sy wederkoms? Ons vaders is al dood, en tog bly alles nog net soos dit was van die begin van die skepping af."*

### OORDENKING

Moenie toelaat dat hulle jou ontstel nie. Daar was spotters en twyfelaars in Jesus se tyd, wees daarom nie moedeloos wanneer mense vandag ook so optree nie. Dit maak nie saak wat hulle dink nie. Wat saak maak, is wat Jesus gesê het en wat Jesus belowe het.

Ons weet uit die Skrif en uit die vervulling van vorige beloftes dat Jesus sy beloftes hou en absoluut betroubaar is. Laat ander spot en twyfel, maar bid vir hul redding terwyl hulle dit doen. Ironies genoeg, die rede waarom Jesus nog nie vir sy bruid teruggekeer het nie, is vanweë sy groot liefde en deernis vir sondaars, selfs vir daardie spotters.

Jesus is nie traag om sy belofte na te kom nie. Inteendeel, Hy is eerder geduldig en liefdevol, omdat Hy wil hê dat almal tot bekering moet kom en nie verlore gaan nie (2 Petrus 3:9). Moenie toelaat dat die mense wat alles ontken jou beïnvloed nie. Dank God eerder vir hulle negatiewe kommentaar, want dit herinner jou om vir hulle te bid. Wie weet, jy is dalk die enigste persoon in hulle lewe wat bid vir hulle redding. As jy so daaroor dink, sal jy besef watter wonderlike geleentheid God jou bied.

Leef intussen asof Jesus vandag terugkom, met gretige afwagting, en besef "vir die Here is een dag soos duisend jaar en duisend jaar soos een dag." (2 Petrus 3:8). God meet nie tyd op dieselfde manier as ons nie.

### GEBED

Liewe Here, dankie vir die spotters in my lewe, die twyfelaars en die mense wat alles ontken. Help my om te groei in liefde en deernis vir hulle. Vandag dra ek hulle by die naam op aan U en bid vir hulle redding. Gebruik my in hulle lewens om hulle te help om meer van U te sien. Help my om my opgewondenheid oor u terugkeer te balanseer met volharding en deernis vir diegene wat nog nie u vergifnis van hulle sondes aanvaar het nie. Ek bid dit alles in u Naam terwyl my hart uitroep: kom, Here Jesus, kom. Amen.

**L E E S**

*Week 1 • Donderdag*

*2 Tessalonisense 2:1-17*

En nou, broers, wat betref die wederkoms van ons Here Jesus Christus en ons hereniging met Hom, het ek ‘n ernstige versoek aan julle: 2 Moenie so gou verward raak of van stryk gebring word as iemand vir julle sou sê die dag van die Here is al hier nie – of dit nou vir julle gesê word in ‘n profetiese uitspraak of in ‘n preek of in ‘n brief wat sogenaamd van ons afkomstig sou wees. 3 Laat niemand julle op watter manier ook al mislei nie. Die dag van die Here sal nie aanbreek voordat die laaste afvalligheid gekom het en die wettelose mens wat vir die verderf bestem is, sy verskyning gemaak het nie. 4 Hy sal hom verset teen al wat God genoem word of wat as heilig vereer word, en hy sal hom bo hulle verhef. Hy sal selfs in die tempel van God gaan sit en voorgee dat hy God is. 5 Onthou julle nie dat ek dit herhaaldelik vir julle gesê het toe ek nog by julle was nie? 6 En julle weet nou wat hom nog teëhou, sodat hy eers as dit sy tyd is, sy verskyning sal maak. 7 Die geheime krag van die wetteloosheid is al aan die werk, maar die een wat die wettelose teëhou, moet eers uit die weg wees, 8 en dan sal die wettelose self op die toneel verskyn. Maar wanneer die Here Jesus kom, sal Hy hom met die asem uit sy mond verdelg en deur die glans van sy verskyning vernietig. 9 Deur die werking van die Satan sal die verskyning van die wettelose gepaardgaan met groot magsvertoon en allerhande vals tekens en wonders 10 en met gruwelike misleiding van dié wat verlore gaan, omdat hulle nie die waarheid liefgehad en tot hulle redding aanvaar het nie. 11 Dit is ook waarom God hulle aan die mag van die dwaling oorgee, sodat hulle die leuen sal glo. 12 En so sal almal wat nie die waarheid geglo het nie, maar die ongeregtigheid verkies het, veroordeel word. 13 Ons moet God altyd vir julle dank, broers. Die Here het julle lief, en God het julle uitverkies om van die eerstes te wees wat gered word. Julle is gered deurdat die Gees julle vir Hom afgesonder het en deurdat julle die waarheid glo. 14 Hy het julle hiertoe geroep deur die evangelie wat ons aan julle verkondig het, sodat julle deel kan kry aan die heerlikheid van ons Here Jesus Christus. 15 Wees dan standvastig, broers, en hou vas aan die leer wat ons aan julle oorgedra het, of dit deur ons prediking of deur ‘n brief was. 16-17 En mag julle in al die goeie wat julle in woord en daad doen, bemoedig en gesterk word deur ons Here Jesus Christus en God ons Vader. Hy het aan ons sy liefde bewys en aan ons deur sy genade ‘n blywende troos en goeie hoop gegee.

## SOAP

*Week 1 • Donderdag*

**SOAP** / *2 Tessalonisense 2:7–8*
**SCRIPTURE** / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

**OBSERVATION** / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

# DAGSTUKKIE

*Week 1 • Donderdag*

## SOAP

*2 Tessalonisense 2:7–8*

*"Die geheime krag van die wetteloosheid is al aan die werk, maar die een wat die wettelose teëhou, moet eers uit die weg wees, en dan sal die wettelose self op die toneel verskyn. Maar wanneer die Here Jesus kom, sal Hy hom met die asem uit sy mond verdelg en deur die glans van sy verskyning vernietig."*

## OORDENKING

Ek weet dit voel dalk nie altyd so nie, maar God, deur die krag van die Heilige Gees en sy kerk, hou die bose aktief terug in ons dag. Somtyds kan dit moeilik wees om te dink dat ons wêreld enigsins erger kan word as wat dit reeds is as ons die boosheid daarin aanskou. Maar Satan is nie vry om te doen soos hy wil nie. God is steeds God, Hy is steeds in beheer, en Hy werk aktief op maniere waarvan ons nie eers nou weet nie. Verbasend genoeg het God ons, sy onvolmaakte kerk, en die werk wat Hy deur ons doen, gekies om een van sy kragtigste wapens te wees om die duisternis in hierdie wêreld terug te dryf. Ons kan almal dink aan die baie gebreke van die kerk, maar ons moet nie die genesende impak wat die liggaam van Christus op die wêreld vandag het, onderskat nie.

Deur sy ongelooflike genade hou God baie boosheid in hierdie wêreld in bedwang. Wanneer God in die "Laaste Dae" sy weerhoudende krag wegneem, sal boosheid op ondenkbare maniere vermeerder. Hierdie toename van boosheid sal egter van korte duur wees.

Hierdie "Laaste Dae"-verse is nie om jou bang te maak vir die toekoms nie. Dit is bedoel om jou te help om die "hoekoms" van die gebeure wat toegelaat word, te verstaan en, wanneer hierdie gebeure begin plaasvind, om jou te help verstaan dat op die ou end, die goeie seëvier. Jesus sal oor die "wettelose een" triomfeer en sy krag sal sy heerlikheid vertoon. Satan sal nooit wen nie. Moenie moed verloor as jy sien hoe wetteloosheid toeneem en die huidige dae al hoe donkerder word nie. ʻn Nuwe dag kom altyd uit die donkerte van die nag.

## GEBED

Liewe Here, dankie vir hoe U die boosheid in ons wêreld in bedwang hou. Dankie vir die herinnering dat die teenwoordigheid van die kerk in ons wêreld saak maak. Help ons om verenig te wees rondom u Woord en bemagtig deur u liefde. Help ons om u hande en voete te wees vir ʻn seer wêreld. Beskerm ons en ons gesinne gedurende hierdie dae en help ons om dapper te wees, en altyd eer aan U te bring. Tot dan, kom, Here Jesus, kom. Amen.

## LEES

*Week 1 • Vrydag*

*1 Johannes 2:18-19*

Kinders, dit is die laaste uur. Julle het gehoor dat daar 'n antichris kom; en daar is nou reeds baie antichriste. Daaruit weet ons dat dit die laaste uur is. 19 Hulle het wel uit ons geledere voortgekom, maar niemand van hulle was ooit werklik een van ons nie, want as hulle werklik van ons was, sou hulle by ons gebly het. Dit moes duidelik word dat geeneen van hulle werklik een van ons is nie.

**SOAP**

*Week 1 • Vrydag*

SOAP / *1 Johannes 2:18–19*
SCRIPTURE / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

OBSERVATION / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 1 • Vrydag*

### SOAP

*1 Johannes 2:18–19*

*Kinders, dit is die laaste uur. Julle het gehoor dat daar 'n antichris kom; en daar is nou reeds baie antichriste. Daaruit weet ons dat dit die laaste uur is. Hulle het wel uit ons geledere voortgekom, maar niemand van hulle was ooit werklik een van ons nie, want as hulle werklik van ons was, sou hulle by ons gebly het. Dit moes duidelik word dat geeneen van hulle werklik een van ons is nie.*

### OORDENKING

Dit is om soveel redes belangrik om self God se Woord te lees en nie net peil te trek op wat ander, selfs welbekende en betroubare predikers beweer dat dit sê nie. God se Woord help jou om God beter te leer ken. Dit help jou om sy hart, sy vergifnis en hoe ver Hy bereid was om te gaan om jou van jou sonde te verlos, te verstaan.

Deur God se Woord te lees en te ken, word jy beskerm teen misleiding deur valse leraars, predikers en hedendaagse antichriste – enigeen wat teen die leringe van Jesus Christus gekant is. Van die oomblik af dat Jesus weg is totdat Hy terugkeer, sal daar altyd antichriste wees, diegene wat teen Christus en alles waarvoor Hy staan, gekant is. Heel aan die einde gaan die antichris van alle antichriste op die wêreldtoneel verskyn. Weereens, namate ons al hoe nader aan hierdie gebeure kom, moenie moedeloos raak nie. Onthou dat God selfs te midde hiervan in beheer is. Soos die laaste uur nader kom, moenie verbaas wees as vriende wat jy gedink het Christene is, skielik van Christus af wegdraai en 'n ander koers inslaan nie.

Ek ken die pyn wanneer 'n dierbare vriend of vriendin, iemand wat jy liefhet en wat jy werklikwaar gedink het gered is, op die ou end wegdraai en Christus verloën. Ek het daardie hartseer, skok en verraad beleef. Wanneer vriende en familie egter besluit om weg te draai en 'n ander "verligte pad" kies, bid vir hulle maar moenie dat hulle jou ontmoedig nie. Hoe nader dit aan Christus se wederkoms raak, hoe meer mense gaan van Hom af wegdraai. Bly op koers en bly getrou. Bid dat jou hart sag sal bly en nie verhard raak terwyl jy volhard nie. Moenie moed opgee nie en hou aan om vir Christus te leef terwyl jy gretig sy terugkeer afwag.

### GEBED

Liewe Heer, skep in my 'n honger na u Woord. Help my om dit so goed te ken dat ek onmiddellik vals lering sal kan onderskei. Here, ek bid vir hulle wat mislei is en vir hulle redding. Help hulle om te bekeer en na U terug te draai. Tot dan, kom, Here Jesus, kom. Amen.

## OORDENKING

*Week 1*

1. *Noem 'n paar maniere waarop ons anders kan lewe as die mense wat in 2 Timoteus 3:1–5 beskryf word.*

.................................................................................................................................................

.................................................................................................................................................

.................................................................................................................................................

2. *Hoe is die lewe in die tyd van Noag soortgelyk aan ons wêreld vandag? Hoe verskil dit?*

.................................................................................................................................................

.................................................................................................................................................

.................................................................................................................................................

3. *Wat moet ons reaksie wees op die spotters en nee-sêers in ons lewens? Wat is die beste manier om hulle lief te hê?*

.................................................................................................................................................

.................................................................................................................................................

.................................................................................................................................................

4. *Op grond van 2 Tessalonisense 2:7–8, hoe sal die Here die wettelose mens wat in hierdie verse genoem word, vernietig? Wat wys dit vir jou van ons Here?*

.................................................................................................................................................

.................................................................................................................................................

.................................................................................................................................................

5. *Gaan almal wat kerk toe gaan ook hemel toe? Wat sê 1 Johannes 2:18–19 hieroor?*

.................................................................................................................................................

.................................................................................................................................................

.................................................................................................................................................

*Vrede laat Ek vir julle na; my vrede gee Ek vir julle. Die vrede wat Ek vir julle gee, is nie die soort wat die wêreld gee nie. Julle moet nie ontsteld wees nie, en julle moet nie bang wees nie.*

*Johannes 14:27*

## BID

*Skryf jou gebedsversoeke en lofprysings vir die week neer.*

............................................................................................................................................................

............................................................................................................................................................

............................................................................................................................................................

............................................................................................................................................................

............................................................................................................................................................

............................................................................................................................................................

............................................................................................................................................................

............................................................................................................................................................

............................................................................................................................................................

............................................................................................................................................................

............................................................................................................................................................

............................................................................................................................................................

............................................................................................................................................................

## WEEKLIKSE UITDAGINGS

*Jesus het belowe dat Hy sal terugkom. Skryf hierdie week neer hoe hierdie belofte jou lewe beïnvloed. Maak dit jou meer doelgerig? Help dit jou om groter hoop vir die toekoms te hê? Plaas dit meer passie en dringendheid op die dae van jou lewe, omdat jy weet die tyd kom nader?*

............................................................................................................................................................

............................................................................................................................................................

............................................................................................................................................................

............................................................................................................................................................

............................................................................................................................................................

............................................................................................................................................................

............................................................................................................................................................

............................................................................................................................................................

## LEES

*Week 2 • Maandag*

*Johannes 14:1-4*

"Julle moet nie ontsteld wees nie. Glo in God; glo ook in My. 2 In die huis van my Vader is daar baie woonplek. As dit nie so was nie, sou Ek nie vir julle gesê het Ek gaan om vir julle plek gereed te maak nie. 3 En as Ek gegaan het en vir julle plek gereed gemaak het, kom Ek terug en sal julle na My toe neem, sodat julle ook kan wees waar Ek is. 4 En julle ken die weg na die plek waarheen Ek gaan."

## SOAP

*Week 2 • Maandag*

SOAP / *Johannes 14:3*

SCRIPTURE / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

OBSERVATION / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

APPLICATION / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

PRAYER / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

# DAGSTUKKIE

*Week 2 • Maandag*

## SOAP

*Johannes 14:3*

*"En as Ek gegaan het en vir julle plek gereed gemaak het, kom Ek terug en sal julle na My toe neem, sodat julle ook kan wees waar Ek is."*

## OORDENKING

Ek hou van die versekering in Jesus se woorde. Ja, Hy sou weggaan, maar nie vir lank en nie vir altyd nie. Sy vertrek het 'n groter doel gehad. Ons bevind ons in 'n wagtydperk terwyl ons gretig na sy wederkoms uitsien.

Ons weet Jesus is betroubaar. Ons weet dit uit die profesieë wat Jesus gemaak het wat reeds plaasgevind het, soos die vernietiging van die tempel in Jerusalem, sy eie lyding en dood, die vervolging van die apostels, en die verkondiging van die evangelie in die hele wêreld. Jesus is betroubaar en as Hy sê Hy gaan terugkom, kan ons ons laaste sent daarop verwed.

Watter bemoedigende vers om op te fokus terwyl ons wag op sy koms. Jesus is besig om so 'n ongelooflike plek vir ons in die hemel gereed te maak dat geen herehuis op hierdie aarde en geen huisopknappingprogram naastenby daarby kan kers vashou nie. Niks op hierdie wêreld kom naby aan hoe wonderskoon, volmaak en ongelooflik ons hemelse woning gaan wees nie, deur die hemelse Meestertimmerman self opgerig. Ek kan met sekerheid sê dit gaan ons verbeelding oortref. Die asemrowendste sonsondergang of rustig golwende heuwels waarna ons kan kyk, kan nie naastenby vergelyk met die skoonheid wat Jesus vir ons in die vooruitsig het nie.

Nietemin is die heel beste deel daarvan dat Jesus saam met ons daar gaan wees. Nooit ooit gaan ons weer van Hom geskei word nie.

## GEBED

Dankie Here, vir u liefde vir my. Dankie vir u vrygwigheid en begeerte dat ek vir ewig saam met U moet lewe. U is goed, en alles wat U doen is goed. Dankie vir die hemelse tuiste wat U skep wat ek eendag in u teenwoordigheid sal kan geniet. Veral op die dae wanneer die sorge van hierdie wêreld my onderkry, help my om te onthou dat ek kan uitsien na wat in die toekoms voorlê. Help my om my oë op U gefokus te hou sodat ek kan vashou aan die hoop op die hemel. U is so goed vir my, en ek is U vir ewig dankbaar. Tot die dag wanneer U my huis toe neem, sal ek bid, kom, Here Jesus, kom. Amen.

## LEES

*Week 2 • Dinsdag*

*Johannes 14:15-31*

"As julle My liefhet, sal julle my opdragte uitvoer. 16 Ek sal die Vader vra, en Hy sal vir julle 'n ander Voorspraak stuur om vir ewig by julle te wees, 17 naamlik die Gees van die waarheid. Die wêreld kan Hom nie ontvang nie, omdat hulle Hom nie sien en Hom nie ken nie. Maar julle ken Hom, omdat Hy by julle bly en in julle sal wees. 18 "Ek sal julle nie as weeskinders agterlaat nie; Ek kom weer na julle toe. 19 Nog net 'n klein rukkie, en dan sien die wêreld My nie meer nie, maar julle sien My, omdat Ek lewe en julle sal lewe. 20 Daardie dag sal julle weet dat Ek in my Vader is en julle in My en Ek in julle. 21 "Wie my opdragte het en dit uitvoer – dit is hy wat My liefhet. En wie My liefhet, hóm sal my Vader liefhê, en Ek sal hom ook liefhê en My aan hom openbaar." 22 Judas, nie Judas Iskariot nie, vra toe vir Hom: "Here, hoe kom dit dat U U aan ons gaan openbaar en nie aan die wêreld nie?" 23 Jesus antwoord hom: "As iemand My liefhet, sal hy my woorde ter harte neem; en my Vader sal hom liefhê, en Ons sal na hom toe kom en by hom woon. 24 Wie My nie liefhet nie, neem my woorde nie ter harte nie; en die woorde wat julle hoor, is nie Myne nie, maar die Vader s'n wat My gestuur het. 25 "Dit sê Ek vir julle terwyl Ek nog by julle bly; 26 en wanneer die Vader in my Naam die Voorspraak, die Heilige Gees, stuur, sal Hy julle alles leer en julle herinner aan alles wat Ek vir julle gesê het. 27 "Vrede laat Ek vir julle na; my vrede gee Ek vir julle. Die vrede wat Ek vir julle gee, is nie die soort wat die wêreld gee nie. Julle moet nie ontsteld wees nie, en julle moet nie bang wees nie. 28 Julle het gehoor dat Ek vir julle gesê het: Ek gaan weg, maar Ek kom weer na julle toe. As julle My liefgehad het, sou julle bly gewees het dat Ek na die Vader toe gaan, omdat die Vader groter as Ek is. 29 En nou sê Ek dit vir julle voordat dit gebeur, sodat julle kan glo wanneer dit gebeur. 30 Ek sal nie meer lank met julle kan praat nie, want die owerste van die wêreld is aan die kom. Hy het geen mag oor My nie, 31 maar die wêreld moet weet dat Ek die Vader liefhet en daarom doen wat die Vader My beveel het. "Staan op, laat ons hiervandaan weggaan."

**SOAP**

*Week 2 • Dinsdag*

SOAP / *Johannes 14:27–28*
SCRIPTURE / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

OBSERVATION / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

APPLICATION / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

PRAYER / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 2 • Dinsdag*

### SOAP

*Johannes 14:27–28*

*"Vrede laat Ek vir julle na; my vrede gee Ek vir julle. Die vrede wat Ek vir julle gee, is nie die soort wat die wêreld gee nie. Julle moet nie ontsteld wees nie, en julle moet nie bang wees nie. Julle het gehoor dat Ek vir julle gesê het: Ek gaan weg, maar Ek kom weer na julle toe. As julle My liefgehad het, sou julle bly gewees het dat Ek na die Vader toe gaan, omdat die Vader groter as Ek is."*

### OORDENKING

Ons kan Jesus se vrede net in ontvangs neem. Hy het ons nie gelos om ons oor die agteruitgang wat ons in die wêreld waarneem, te bekommer nie. Dit is nie 'n las wat ons bestem is om te dra nie. In plaas daarvan het Jesus vir ons vrede gegee om ons deur ons moeilike dae en slapelose nagte te dra. As ons Jesus se vrede het, wil dit nie sê dat ons nie moeilike tye gaan beleef nie. Dit beteken dat ons nie alleen daardeur hoef te gaan nie.

Ons kan vrede ervaar wanneer dit voel asof ons wêreld besig is om hand uit te ruk omdat ware vrede net in Jesus te vinde is, nie in hierdie wêreld nie. Al wat hierdie wêreld ons kan bied wat blywend is, is hartseer en bekommernis. Omdat ons vrede het wat alle verstand te bowe gaan, kan ons met vertroue uitsien na die tyd wat voorlê, met die wete dat Jesus reeds daar is. Ons hoef nie vir ons hede of toekoms bang te wees nie want ons weet Jesus is altyd by ons.

Omdat ons weet dat ons vrede in ons lewens kan vind ten spyte van ons omstandighede, kan ons vandag kies om moedig te wees. Dit is nou die tyd om Jesus se vrede te omhels. Dit is nou die tyd om moed aan die dag te lê, selfs al voel jy bang. Dis in die haak om bevrees te voel selfs al kies jy om dapper te wees. Waarom dink jy het Josua so baie gepraat oor dapper wees net voor hy die beloofde land ingeneem het? Ook hy moes moed bymekaarskraap toe hy 'n nuwe land betree het. Josua het hom egter nie deur sy vrees laat keer nie. Hy het in elk geval gegaan met die wete dat God by hom was. Jesus is ook by jou, en as gevolg van Hom, kan jy ware vrede ervaar ongeag wat in jou lewe aangaan.

### GEBED

Dierbare Here, dankie vir die vrede wat U so mildelik aan my geskenk het. Help my asseblief om u vrede te omhels en in my lewe in werking te stel. Help my om die take wat U vir my gegee het, met moedigheid aan te pak terwyl ek uitsien na u wederkoms. Tot daardie dag, kom, Here Jesus, kom. Amen.

**LEES**

*Week 2 • Woensdag*

*Openbaring 3:10-11*

Omdat julle aan die boodskap van my volharding in lyding vasgehou het, sal Ek julle ook vashou in die tyd van beproewing wat oor die hele wêreld gaan kom om die bewoners van die aarde op die proef te stel. 11 Ek kom gou. Hou vas wat julle het, sodat niemand julle kroon wegvat nie.

## SOAP

*Week 2 • Woensdag*

**SOAP /** *Openbaring 3:11*
**SCRIPTURE /** *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

**OBSERVATION /** *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 2 • Woensdag*

**SOAP**

*Openbaring 3:10*

*Omdat julle aan die boodskap van my volharding in lyding vasgehou het, sal Ek julle ook vashou in die tyd van beproewing wat oor die hele wêreld gaan kom om die bewoners van die aarde op die proef te stel.*

**OORDENKING**

Hierdie verse wat oorspronklik aan die gemeente in Filadelfia geskryf is, kan as kontroversieel beskou word, na gelang van jou siening van die eindtyd. Sommige geleerdes het hierdie verse gelees en glo dat dit ʻn belofte is dat die kerk as geheel die verdrukking in die eindtyd gespaar gaan bly (1Tessalonisense 4:13—5:11). Ander geleerdes glo egter weer dat hierdie verse slegs op die gemeente in Filadelfia betrekking het, met verwysing na ʻn spesifieke tyd van beproewing en vervolging in hulle tyd en omgewing.

Hoe dit ook al sy, ons weet Jesus kom terug. Dit is tegelyk ʻn feit en ʻn belofte. Dus, ongeag of God kies om die kerk te verwyder voor sy laaste toets of verdrukking soos dit soms genoem word (soos toe Hy Noag uit die vloed en Lot uit Sodom verwyder het), en of Hy die kerk deur die verdrukking wil laat gaan en haar beskerm (soos met Israel in Egipte of Daniël in Babilon), weet ons dat God vir ons voorsorg getref het. Hy het nog altyd, te midde van verskriklike vervolging deur die eeue heen, die kerk met krag en moed toegerus en Hy doen dit tot vandag nog.

In plaas daarvan dat ons toelaat dat die interpretasie van eskatologiese gebeure verdeeldheid veroorsaak, laat ons verenig bly rondom die belofte van Jesus se wederkoms en ons hoop op ʻn ewigheid saam met Hom.

**GEBED**

Dierbare Here, dankie vir die belofte dat U altyd by ons is, tot aan die einde van die tyd. Help ons om nie ons harte en gedagtes deur vrees te laat oorneem nie, maar gee vir ons bonatuurlike moed om die wêreld sonder vrees in die oë te kyk, met die wete dat U ons stryd vir ons stry. Help ons om te dink aan ons vervolgde broers en susters regoor die wêreld wat tans groot probleme ter wille van u naam verduur. Dankie Here vir u goedheid in ons lewens en die geseënde hoop wat ons in ons harte kan omdra terwyl ons uitsien na ons toekoms wat ons tot in ewigheid saam met U in die hemel gaan deurbring! Tot daardie glorieryke dag, sal ons aanhou bid kom, Here Jesus, kom. Amen.

**L E E S**

*Week 2 • Donderdag*

*Openbaring 22:12-13*

Jesus sê toe weer: "Kyk, Ek kom gou! Ek bring die loon saam met My om elkeen te beloon vir wat hy gedoen het. 13 Ek is die Alfa en die Omega, die Eerste en die Laaste, die Begin en die Einde.

## SOAP

*Week 2 • Donderdag*

SOAP / *Openbaring 22:12–13*
SCRIPTURE / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

OBSERVATION / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 2 • Donderdag*

### SOAP

*Openbaring 22:12–13*

*Jesus sê toe weer: "Kyk, Ek kom gou! Ek bring die loon saam met My om elkeen te beloon vir wat hy gedoen het. Ek is die Alfa en die Omega, die Eerste en die Laaste, die Begin en die Einde.*

### OORDENKING

In sommige van ons Christelike kringe praat ons nie veel oor die idee om vir ons goeie werke beloon te word nie. Ek dink dit laat ons ongemaklik voel. Aangesien ons weet dat ons nooit ons redding, 'n gratis geskenk van God, kan verdien nie, is ons geneig om senuweeagtig te raak wanneer die onderwerp van belonings ter sprake kom.

Maar in Openbaring 22:12–13 sê Jesus spesifiek dat wanneer Hy terugkom, Hy ons sal vergoed volgens hoe ons ons lewens geleef het. Wat 'n troos is hierdie belofte vir diegene wat baie gely het vir die naam van Jesus. Dit is bemoedigend om te onthou dat niks wat vir God gedoen word ooit vergeet of vermors word nie. Jesus sien die opofferings wat gemaak word. Hy sien die ongeregtighede wat aangedoen word aan diegene wat in sy naam standpunt ingeneem het. Hy weet van die dinge wat van sy volk weggeneem is en Hy het nie vergeet nie. Omdat Jesus die Alfa en Omega is, het Hy dit alles gesien, die begin en einde, en niks het sy aandag ontglip nie. Hy sal ons beloon volgens ons werk.

Toe Jesus die eerste keer aarde toe gekom het, het Hy as 'n baba gekom. Wanneer Christus weer kom, sal Hy terugkom as die brullende leeu, gereed om oordeel oor die aarde te bring.

### GEBED

Liewe Heer, dankie dat U heilig en goed is. Dankie dat U alles sien. U mis nooit 'n onreg of hartseer nie. Dankie dat U altyd enige seer waardeur ek gaan, ten goede gebruik. Dankie dat U altyd goed en 'n doel uit my pyn voortbring. Al bid ek dat my primêre motivering vir gehoorsaamheid my liefde vir U sal wees, dank ek U vir die belofte van u hemelse belonings. Ek sien uit na die dag wanneer ek dit alles by u heilige voete kan neerlê. Mag ek alles doen tot u eer. Tot die heerlike dag kom wanneer ek U van aangesig tot aangesig sal sien, sal ek aanhou bid, kom, Here Jesus, kom. Amen.

## LEES

*Week 2 • Vrydag*

*Openbaring 22:20-21*

20 Hy wat dit alles getuig, sê: “Ja, Ek kom gou!” Amen! Kom, Here Jesus!
21 Die genade van die Here Jesus sal by almal wees.

## SOAP

*Week 2 • Vrydag*

**SOAP /** *Openbaring 22:20*
**SCRIPTURE /** *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

**OBSERVATION /** *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 2 • Vrydag*

### SOAP

*Openbaring 22:20-21*

*Hy wat dit alles getuig, sê: "Ja, Ek kom gou!" Amen! Kom, Here Jesus! Die genade van die Here Jesus sal met almal wees.*

### OORDENKING

Jesus kom binnekort. Dit beteken ons dae is getel, en die horlosie tik. Ek kan nie eens dink hoe daardie heerlike dag sal wees wanneer ek uiteindelik vir ewig by Jesus kan wees nie. Ek is seker wanneer ek terugkyk op my lewe sal dit lyk na 'n kort tydjie in vergelyking met die ewigheid saam met Christus. Ek kan my voorstel dat die beproewings, verdrukkings en pyn wat ek ervaar het, binnekort vergeet sal word in die lig van die ewigheid saam met Christus.

Om saam met Jesus op my toekoms te fokus, help my vandag om te volhard.

Die besef dat daar 'n tydlyn en 'n einddatum is, help my om voort te gaan wanneer my hart in die versoeking kom om te wanhoop. Op dae wanneer ek te veel aanlyn was of die jongste nuusopdatering gekyk het in plaas daarvan om God se Woord te lees, is ek in die versoeking om bekommerd te wees oor die toekoms. Dit is in daardie tye dat ek myself moet herinner om terug te gaan na God se Woord en dit toe te laat om my hart te kalmeer en my gemoed gerus te stel.

Om vandag se verse te lees, doen dit vir my. Om te onthou dat Jesus binnekort terugkom, help om dit alles in perspektief te plaas, want dit herinner my dat die beproewings en verdrukkings waarin ek my vandag bevind, nie vir ewig sal duur nie. Die 'binnekort' waarvan Jesus hier praat, sal eendag 'nou' wees. Om hieroor te dink, help my om vandag te volhard.

### GEBED

Dierbare Heer, dankie vir die belofte dat U binnekort terugkom. Help ons om ons beproewings met volharding te verduur en die hoof te bied. Help ons om ons dae te tel en dit te laat saak maak, om nie deur twisgesprekke en onbeduidende sake op 'n syspoor gebring te word nie. Help ons om gefokus te bly op U en die opdrag wat U ons gegee het—om dissipels van alle nasies te maak. Help ons om diegene in ons huise en ons dorpe met u liefde te bereik. Tot die heerlike dag wanneer ons U uiteindelik van aangesig tot aangesig sien, sal ons aanhou bid, kom, Here Jesus, kom. Amen.

## OORDENKING

*Week 2*

1. *Toe Jesus gepraat het van sy terugkeer hemel toe, wat het Hy gesê gaan Hy daar doen? (Lees Johannes 14:3).*

   ..............................................................................................................................................

   ..............................................................................................................................................

   ..............................................................................................................................................

2. *Hoe kan ons God se vrede in ons lewens ervaar?*

   ..............................................................................................................................................

   ..............................................................................................................................................

   ..............................................................................................................................................

3. *Wat glo jy bedoel Jesus in Openbaring 3:10–11? Hoekom glo jy dit?*

   ..............................................................................................................................................

   ..............................................................................................................................................

   ..............................................................................................................................................

4. *Wetende dat jy eendag beloon sal word vir hoe jy jou lewe geleef het, is jy gemotiveerd of bekommerd? Hoekom?*

   ..............................................................................................................................................

   ..............................................................................................................................................

   ..............................................................................................................................................

5. *Waaroor is jy die meeste opgewonde as jy dink aan hoe jou lewe sal wees wanneer Jesus terugkom?*

   ..............................................................................................................................................

   ..............................................................................................................................................

   ..............................................................................................................................................

*Omdat Henog geglo het, is hy weggeneem sonder dat hy gesterf het, en hy was nêrens te vind nie, omdat God hom weggeneem het. Van hom word getuig dat hy, voordat hy weggeneem is, geleef het soos God dit wou.*

*Hebreërs 11:5*

## BID

*Skryf jou gebedsversoeke en lofprysings vir die week neer.*

........................................................................................................................................................

........................................................................................................................................................

........................................................................................................................................................

........................................................................................................................................................

........................................................................................................................................................

........................................................................................................................................................

........................................................................................................................................................

........................................................................................................................................................

........................................................................................................................................................

........................................................................................................................................................

........................................................................................................................................................

........................................................................................................................................................

........................................................................................................................................................

## WEEKLIKSE UITDAGINGS

*Elia het 'n lewe geleef wat God beide geëert en in die volgende generasie belê het. Hoe kan jy hierdie week doelbewus in iemand jonger as jy belê? Dit is belangrik om in jou geloof te groei en ook die volgende geslag aan te moedig om ons Here te ken en lief te hê. Neem hierdie week tyd om te dink aan 'n paar mense na wie jy kan uireik en bid vir geleenthede om dit te doen.*

........................................................................................................................................................

........................................................................................................................................................

........................................................................................................................................................

........................................................................................................................................................

........................................................................................................................................................

........................................................................................................................................................

........................................................................................................................................................

........................................................................................................................................................

## LEES

*Week 3 • Maandag*

*Genesis 5:21-24*

Toe Henog 65 was, het hy die vader geword van Metusalag. 22 Henog het na die geboorte van Metusalag nog 300 jaar naby God geleef en het seuns en dogters gehad. 23 Henog se ouderdom was dus 365 jaar. 24 Hy het naby God geleef en toe was hy nie meer daar nie, want God het hom na Hom toe weggeneem.

*Hebreërs 11:5*

Omdat Henog geglo het, is hy weggeneem sonder dat hy gesterf het, en hy was nêrens te vind nie, omdat God hom weggeneem het. Van hom word getuig dat hy, voordat hy weggeneem is, geleef het soos God dit wou.

## SOAP

*Week 3 • Maandag*

SOAP / *Hebreërs 11:5*
SCRIPTURE / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

OBSERVATION / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 3 • Maandag*

### SOAP

*Hebreërs 11:5*

*Omdat Henog geglo het, is hy weggeneem sonder dat hy gesterf het, en hy was nêrens te vind nie, omdat God hom weggeneem het. Van hom word getuig dat hy, voordat hy weggeneem is, geleef het soos God dit wou.*

### OORDENKING

Henog is een van twee mans in die Bybel wat nooit gesterf het nie. Die ongelooflike verhaal van Henog wat in Genesis 5 gevind word, het my nog altyd gefassineer. In plaas daarvan om te sterf, is Henog in die hemel opgeneem omdat Henog 'n lewe gelei het wat God behaag het. In Hebreeërs 11:5 lees ons: "Omdat Henog geglo het, is hy weggeneem sonder dat hy gesterf het."

Henog was die oupagrootjie van Noag, 'n man wat in 'n tyd baie dieselfde as ons s'n, gelewe het.

"Dit is oor hierdie mense dat Henog, wat van die sewende geslag ná Adam was, geprofeteer het. Hy het gesê: "Kyk, die Here kom met sy duisende heilige engele en Hy sal oor almal oordeel. Hy sal al die goddeloses, al die sondaars straf oor al die goddelose dinge wat hulle in hulle goddeloosheid gedoen het, en oor al die lasterlike dinge wat hulle teen Hom gesê het." Hierdie mense kla gedurig en is altyd ontevrede met hulle lot. Hulle leef net volgens hulle eie begeertes, praat groot en sê vleiende dinge van mense om daaruit vir hulleself voordeel te trek" (Judas 14–16).

Al was die wêreld rondom hom boos, was Henog dapper in sy geloof en het hom uitgespreek oor God se komende oordeel. Ons sien uit Henog se lewe dat jy kan kies om 'n lewe van geloof te lei selfs wanneer die wêreld om jou dit nie doen nie. Dit is goed om uit te staan. Dit is goed om nie soos almal te wees nie. Soos Henog, kan jy ook getrou wees te midde van 'n korrupte geslag (Filippense 2:15).

### GEBED

Liewe Heer, help my om my lewe deur geloof te leef, soos Henog. Selfs wanneer ander om my kies om van U af weg te stap, bid ek dat ek elke dag wat ek saam met U stap, meer en meer soos U sal word. Help my vandag om die geloof te hê wat berge versit. Help my om saam met U te wandel tot die einde toe. Help my om saam met U te stap tot die dag wat U terugkom, of U my huis toe lei. Ek bid dat ek 'n lewe vol geloof sal lei. Maar tot op daardie dag, bid ek, kom, Here Jesus, kom. Amen.

**L E E S**

*Week 3 • Dinsdag*

*2 Konings 2:1-18*

Die tyd het gekom dat die Here vir Elia in ‘n stormwind in die hemel sou opneem. Elia en Elisa het uit Gilgal vertrek, 2 en Elia het vir Elisa gesê: “Bly hier, want die Here stuur my na Bet-El toe.” Elisa se antwoord was: “So seker as die Here leef en u leef, ek sal u nie alleen laat gaan nie.” Hulle is toe na Bet-El toe. 3 Die profete wat in Bet-El was, het na Elisa toe gegaan en hom gevra: “Weet jy dat die Here vandag jou leermeester van jou af gaan wegvat?” Hy het geantwoord: “Ja, ek weet. Moenie daaroor praat nie.” 4 Elia sê toe vir Elisa: “Bly hier, want die Here stuur my na Jerigo toe.” Maar Elisa het geantwoord: “So seker as die Here leef en u leef, ek sal u nie alleen laat gaan nie.” Hulle het saam in Jerigo aangekom. 5 Die profete van Jerigo het na Elisa toe gekom en hom gevra: “Weet jy dat die Here vandag jou leermeester van jou af gaan wegvat?” Hy het geantwoord: “Ja, ek weet. Moenie daaroor praat nie.” 6 Elia sê toe vir hom: “Bly hier, want die Here stuur my na die Jordaan toe.” Maar Elisa het geantwoord: “So seker as die Here leef en u leef, ek sal u nie alleen laat gaan nie.” Hulle twee is toe saam verder. 7 ‘n Vyftigtal van die profete is agterna en het op ‘n afstand gaan staan regoor die plek waar Elia langs die Jordaan gestaan het. 8 Elia het sy mantel gevat, dit opgerol en die water daarmee geslaan. Die water het na links en na regs verdeel, sodat hulle twee op droë grond daar deur is. 9 Net toe hulle deur is, sê Elia vir Elisa: “Wat wil jy hê moet ek vir jou doen voordat ek van jou af weggevat word?” Elisa het geantwoord: “Mag daar tog ‘n dubbele deel van u gees op my kom!” 10 Toe sê Elia: “Dis ‘n moeilike ding wat jy vra. As jy my sien wanneer ek van jou af weggevat word, mag dit dan met jou gebeur; maar as jy my nie sien nie, sal dit nie gebeur nie.” 11 Terwyl hulle gesels-gesels verder gegaan het, was daar skielik ‘n wa van vuur met perde van vuur wat hulle twee van mekaar geskei het, en Elia is in ‘n stormwind op, die hemel in. 12 Toe Elisa dit sien, het hy uitgeroep: “My vader, my vader, u was vir Israel die strydwa met sy ruiters!” Toe Elisa nie meer vir Elia kon sien nie, het hy sy eie klere gevat en in twee stukke geskeur. 13 Hy het die mantel wat van Elia afgeval het, opgetel en weer op die wal van die Jordaan gaan staan. 14 Hy het met hierdie mantel wat van Elia afgeval het, op die water geslaan en gesê: “Waar is die Here die God van Elia? Waar is Hy?” Toe Elisa die water slaan, het dit na links en na regs verdeel sodat hy kon deurgaan. 15 Toe die profete van Jerigo wat ‘n entjie daarvandaan gestaan het, hom sien, het hulle gesê: “Die gees van Elia rus nou op Elisa.” Hulle het hom tegemoet geloop en voor hom gebuig. 16 Hulle sê toe vir hom: “Daar is vyftig dapper manne onder ons; laat hulle tog u leermeester gaan soek: dalk het die Gees van die Here hom opgelig en êrens op ‘n berg of in ‘n vallei neergelaat.” Elisa het geantwoord: “Moet hulle nie stuur nie.” 17 Maar hulle het by hom bly aandring totdat hy nie meer kon weier nie, en toe sê hy: “Stuur hulle dan maar.” Hulle het vyftig man gestuur, maar hoewel hulle drie dae lank gesoek het, kon hulle Elia nie kry nie. 18 Toe hulle terugkom in Jerigo waar Elisa oorgebly het, het hy vir hulle gesê: “Het ek nie vir julle gesê julle moenie gaan nie?”

## SOAP

*Week 3 • Dinsdag*

SOAP / *2 Konings 2:11*
SCRIPTURE / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

OBSERVATION / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 3 • Dinsdag*

**SOAP**

*2 Konings 2:11*

*Terwyl hulle gesels-gesels verder gegaan het, was daar skielik 'n wa van vuur met perde van vuur wat hulle twee van mekaar geskei het, en Elia is in 'n stormwind op, die hemel in.*

**OORDENKING**

Praat van 'n skielike weggaan! Die een oomblik het Elia en Elisa langs mekaar geloop en Elia se komende vertrek bespreek, en die volgende oomblik het 'n vurige strydwa met vurige perde verskyn en hom weggeneem.

Daar is net drie mense in die Bybel opgeteken wat in die hemel opgeneem is: Henog, Elia en Jesus (na sy opstanding). Al drie kere het die 'weggeneem', 'opgeneem' of 'weggeraap' 'n bietjie anders gebeur, maar het dieselfde effek gehad.

Elia het geweet sy tyd om te Elisa te verlaat, het aangebreek, en al het hy die dag geweet, het hy nie die uur van sy vertrek geweet nie. Ons weet Jesus kom binnekort want Hy het dit duidelik gemaak in sy Woord. Ons ken nie die dag of die uur nie, maar God het ons laat weet dat die dag nader kom. In die wagtyd moet ons voortgaan om die werk te doen wat God vir ons beplan het. Ons kan na Elia kyk as 'n voorbeeld van hoe om ons lewens te leef terwyl ons in die seisoen van afwagting is.

In Elia se lewe sien ons drie maniere om ons lewens nou te leef. Eerstens moet ons vorentoe stap in geloof en nie bang wees vir wat die toekoms inhou nie. Tweedens, soos Elia, moet ons in die volgende generasie belê. En derdens, soos Elisa, moet ons diegene eer wat ons gementor het en voor ons gegaan het. As ons al drie doen, sal dit ons help om doelbewus en effektief te leef met die tyd wat ons oor het.

**GEBED**

Dierbare Here, help my om 'n lewe soos Elia te lei. Help my om U te eer met my lewe en om te belê in die volgende generasie. Help my om 'n goeie voorbeeld te stel van hoe dit lyk om doelbewus vir U te lewe. Gee my guns by die volgende geslag om hulle te help om U lief te kry en hulle lewens tot U eer te wil leef. Tot die dag wat ek in u teenwoordigheid kan wees, bid ek, kom, Here Jesus, kom. Amen.

## LEES

*Week 3 • Woensdag*

*Lukas 24:44-53*

Daarna sê Hy vir hulle: "Dit is die betekenis van die woorde wat Ek vir julle
gesê het toe Ek nog by julle was, naamlik dat alles vervul moet word wat in die
wet van Moses en in die profete en psalms oor My geskrywe is." 45 Toe open Hy
hulle verstand om die Skrif te verstaan. 46 Verder sê Hy vir hulle: "So staan daar
geskrywe: 'Die Christus moet ly en op die derde dag uit die dood opstaan, 47 en
in sy Naam moet bekering en vergewing van sondes aan al die nasies verkondig
word, van Jerusalem af en verder.' 48 Julle is getuies van hierdie dinge. 49 En
Ek sal die gawe wat my Vader beloof het, vir julle stuur. Maar julle moet in die
stad bly totdat julle met krag van bo toegerus is." 50 Daarna het Hy hulle uit die
stad uitgelei tot by Betanië. Daar het Hy sy hande opgehef en hulle geseën. 51
Terwyl Hy hulle seën, het Hy van hulle af weggegaan en is Hy in die hemel
opgeneem. 52 Hulle het Hom aanbid en met groot blydskap na Jerusalem toe
teruggegaan. 53 Daar het hulle die hele tyd by die tempel gebly en God geprys.

## SOAP

*Week 3 • Woensdag*

SOAP / *Lukas 24:51*
SCRIPTURE / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

OBSERVATION / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

APPLICATION / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

PRAYER / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 3 • Woensdag*

### SOAP

*Lukas 24:51*

*Terwyl Hy hulle seën, het Hy van hulle af weggegaan en is Hy in die hemel opgeneem*

### OORDENKING

Ek hou baie van die beeld in ons verse van vandag. Terwyl Jesus besig was om die dissipels te seën, is Hy in die hemel opgeneem. Die laaste daad wat Jesus op die aarde uitgevoer het, was om diegene rondom Hom te seën. Ek kan myself nie eers indink hoe ongelooflik dit moes wees om te sien nie. Terwyl Jesus besig was om diegene rondom hom te seën en te bemoedig, is Hyin die hemel opgeneem. Wat 'n kragtige voorbeeld vir ons. Soos ons voortgaan met ons dae in die skadu van Jesus se wederkoms, mag ons ook 'n seën en bemoediging wees vir diegene rondom ons, tot die presiese oomblik wat ons Jesus aangesig-tot-aangesig sien. Soos Jesus geneem is, so sal Hy terugekeer. Wat 'n wonderlike belofte van hoop het ons nie.

Voordat Jesus opgevaar het na die hemel, het Hy sy dissipels herinner dat hulle sy getuies vir die wêreld moes wees. Hierdie einste opdrag wat Hy vir sy dissipels gegee het, het Hy ook vir jou en my gegee. Ook óns moet sy getuies wees in 'n wêreld wat toekyk en seer het (Lukas 24:48).

Voordat mense van Jesus wil hoor, wil hulle dikwels eers die verskil sien wat Hy in jou lewe gemaak het. Deel jou getuienis. Dit hoef nie uitspattig of dramaties te wees nie, net eg. Deel hoe jy eens sonder hoop was, en oor die hoop wat jy nou het te danke aan Jesus. Deel oor die gebrokenheid van jou verlede en hoe Jesus jou kom heel maak het en jou gebrokenheid in skoonheid kom verander het tot sy eer. Wys en deel wat Jesus in jou lewe gedoen het, en jy sal sy getuie in 'n seer wêreld wees. Deel liefde, bemoediging en die rede vir jou hoop met diegene rondom jou soos wat 'n mens konfetti by 'n partytjie strooi! Ons het soveel om na uit te sien en te vier soos die dag van ons Here se wederkoms nader kom.

### GEBED

Liewe Here, help my om 'n kragtige getuie vir u te wees. Help my om dapper en moedig te wees terwyl ek die rede vir my hoop en die bron van my sekuriteit met ander deel. Help my om die mense om my te bemoedig en te seën, soos wat U met die dissipels gedoen het. Gebruik my om ander lief te hê en te bemoedig terwyl ons gretig op u wederkoms wag. Tot daardie dag bid ons, kom, Here Jesus, kom. Amen.

## LEES

*Week 3 • Donderdag*

*Handelinge 1:1-11*

My eerste boek, Teofilus, het ek geskrywe oor alles wat Jesus gedoen en geleer het, van die begin af 2 tot op die dag van sy hemelvaart. Voordat Hy in die hemel opgeneem is, het Hy deur die Heilige Gees bevele gegee aan die manne wat Hy as apostels uitgekies het. 3 Ná sy dood het Hy aan hulle met baie onbetwisbare bewyse ook getoon dat Hy lewe. In die loop van veertig dae het Hy by verskeie geleenthede aan hulle verskyn en met hulle oor die dinge van die koninkryk van God gepraat. 4 Terwyl Hy 'n keer saam met hulle aan tafel was, het Hy hulle beveel: "Moenie van Jerusalem af weggaan nie, maar bly wag op die gawe wat die Vader belowe het, soos julle van My gehoor het. 5 Johannes het wel met water gedoop, maar julle sal binne 'n paar dae met die Heilige Gees gedoop word." 6 Toe hulle 'n keer weer bymekaar was, het hulle vir Jesus gevra: "Here, is dit nou die tyd dat U die koninkryk vir Israel weer gaan oprig?" 7 Hy het hulle geantwoord: "Dit is nie vir julle om die tyd en omstandigheid te weet wat die Vader in sy eie mag bepaal het nie. 8 Maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judea en in Samaria en tot in die uithoeke van die wêreld." 9 Nadat Hy dit gesê het, is Hy opgeneem terwyl hulle dit sien, en 'n wolk het Hom weggeneem, sodat hulle Hom nie langer kon sien nie. 10 Terwyl Hy weggaan en hulle nog stip na die hemel kyk, het daar skielik twee mans in wit klere by hulle gestaan. 11 Dié sê toe vir hulle: "Galileërs, waarom staan julle so na die hemel en kyk? Hierdie Jesus wat van julle af na die hemel toe opgeneem is, sal net so terugkom soos julle Hom na die hemel toe sien opgaan het."

*Hebreërs 9:27-28*

'n Mens is bestem om net een maal te sterf, en daarna kom die oordeel. 28S o is Christus ook net een maal geoffer om die sondes van baie weg te neem. As Hy die tweede keer verskyn, kom Hy nie in verband met sonde nie, maar om verlossing te bring vir dié wat Hom verwag.

## SOAP

*Week 3 • Donderdag*

SOAP / *Handelinge 1:11*
SCRIPTURE / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

OBSERVATION / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 3 • Donderdag*

### SOAP

*Handelinge 1:11*

*"Galileërs, waarom staan julle so na die hemel en kyk? Hierdie Jesus wat van julle af na die hemel toe opgeneem is, sal net so terugkom soos julle Hom na die hemel toe sien opgaan het."*

### OORDENKING

Is jy nie ook mal oor hierdie opmerking van die twee engele teenoor die dissipels nie? Met ander woorde, "hou op om daar te staan en jul tyd te mors deur op te kyk. Gaan doen wat Jesus vir jul beveel het om te doen!" Jy kan amper die emosie in hul woorde hoor. Jesus gaan terugkeer en daar is nie tyd te verspeel nie. Op dieselfde wyse wat Jesus weggegaan het, liggaamlik en sigbaar, sal Hy terugkeer – behalwe dat wanneer Hy weer terugkeer, dit sal wees om oordeel oor die aarde te bring.

Na Jesus se opstanding, het Hy vir 'n tydperk van veertig dae aan die dissipels, sowel as honderde ander mense verskyn. Kan jy jou net indink hoe dit moes wees? Hierdie spesiale tyd saam met Jesus het die dissipels verander. Voorheen, toe Jesus oorgelewer is om gekruisig te word, het hulle Hom verlaat. Uit vrees vir hul lewens het hulle die Here aan wie hulle trou beloof het, in die steek gelaat. Tog nou, nadat hulle ooggetuies van die opgestane Christus was, kon hul eerstehands sien dat alles wat Hy vir hulle oor sy dood en opstanding vertel het, tot vervulling gekom het. Christus se opstanding het hul lewens vir ewig verander, en die veertig dae wat hulle saam met Hom spandeer het voordat hy teruggekeer het hemel toe, het hulle verander van vreesbevange na vreesloos. Dieselfde sal gebeur met ons wanneer ons tyd saam met Jesus deurbring.

Dus, neem die engele se opmerkings ter harte en laat ons nie hier staan en opkyk nie. Kom ons wees getuies in ons Jerusalems, Judeas, Samarias en tot aan die uithoeke van die wêreld deur ons wandel, woorde en werk. Bemagtig deur die Heilige Gees, laat ons vreesloos uitgaan in die wêreld, en die waarheid van ons opgestane Here verkondig.

### GEBED

Liewe Here, help ons om vreesloos u belofte dat U eendag sal terugkeer te verkondig, en elke dag te laat saakmaak. Help ons om die getuienis van u wonderbaarlike werk in ons lewens liefdevol en met vrymoedigheid te deel met diegene naby aan ons, asook diegene wat ver is. Terwyl ons smag na u wederkoms, help ons om nie vasgevang te raak om in die lug te bly opkyk nie, maar om eerder elke dag wat U vir ons gee hard te bly werk. Tot daardie dag, kom, Here Jesus, kom. Amen.

## LEES

*Week 3 • Vrydag*

*Openbaring 11:1-14*

Toe is daar vir my ‘n meetstok gegee wat soos ‘n septer lyk, en daar is vir my gesê: "Staan op en meet die tempel van God en die altaar en die mense wat God daar aanbid. 2 Maar die voorhof, wat buitekant die tempel is, moet jy heeltemal uitlaat en dit nie meet nie, omdat dit aan die heidene oorgegee is, en hulle sal die heilige stad twee en veertig maande lank vertrap. 3 "Ek sal aan my twee getuies opdrag gee, en hulle sal, met rouklere aan, my boodskap twaalf honderd en sestig dae lank verkondig." 4 Hulle is die twee olyfbome en ook die twee lampe wat voor die Here van die aarde staan. 5 As iemand hulle kwaad wil aandoen, kom daar vuur uit hulle monde uit en verteer hulle vyande. Só moet elkeen doodgemaak word wat hulle kwaad sal wil aandoen. 6 Hulle het die mag om die hemel toe te sluit, sodat daar gedurende die hele tyd wanneer hulle God se boodskap verkondig, geen reën sal val nie. Hulle het ook die mag om al die water in bloed te verander en om die aarde met allerhande plae te tref so dikwels as hulle dit nodig vind. 7 Wanneer hulle egter hulle getuienis klaar gelewer het, sal die dier wat uit die onderaardse diepte uit kom, teen hulle oorlog maak, hulle oorwin en hulle doodmaak. 8 Hulle lyke sal in die hoofstraat van die groot stad lê waar hulle Here ook gekruisig is. Die stad word sinnebeeldig Sodom en Egipte genoem. 9 Mense van al die volke, stamme, tale en nasies sal hulle lyke drie en ‘n half dae lank daar sien lê en nie toelaat dat hulle begrawe word nie. 10 Die bewoners van die aarde sal bly wees oor hulle dood en hulle daaroor verheug. Hulle sal vir mekaar geskenke stuur. Hierdie twee profete was immers vir die bewoners van die aarde tot ‘n teistering. 11 Ná die drie en ‘n half dae het daar egter asem en lewe van God af in hulle gekom. Hulle het opgestaan, en groot vrees het almal oorval wat hulle gesien het. 12 Hulle hoor toe ‘n harde stem uit die hemel vir hulle sê: "Kom op hierheen!" Toe het hulle in ‘n wolk na die hemel toe opgevaar, en hulle vyande het dit gesien. 13 Op daardie oomblik was daar ‘n groot aardbewing, en ‘n tiende van die stad het inmekaargestort. Sewe duisend mense het in die aardbewing omgekom, en die ander het bevrees geraak en aan die God van die hemel die eer gegee. 14 Die tweede "Wee!" is verby. Kyk, die derde kom gou.

## SOAP

*Week 3 • Vrydag*

SOAP / *Openbaring 11:12*
SCRIPTURE / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

OBSERVATION / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

APPLICATION / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

PRAYER / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

# DAGSTUKKIE

*Week 3 • Vrydag*

## SOAP

*Openbaring 11:12*

*Hulle hoor toe 'n harde stem uit die hemel vir hulle sê: "Kom op hierheen!" Toe het hulle in 'n wolk na die hemel toe opgevaar, en hulle vyande het dit gesien.*

## OORDENKING

Gister het ons gelees van Jesus wat voor die dissipels se oë opgeneem is, en vandag lees ons van twee getuies wat voor die wêreld se oë opgeneem sal word. As gevolg van God se liefde en genade sal hierdie twee profete drie en 'n half jaar spandeer om God se komende oordeel oor die wêreld te verkondig en om die nasies op te roep om te bekeer en na God te draai.

Na hul toegewese tyd verby is, sal God toelaat dat hulle oorval en doodgemaak word. Hulle liggame sal vir drie en 'n half dae buite in die strate van Jerusalem gelos word vir die hele wêreld om te sien. Mense van elke stam, taal en nasie sal hul dooie liggame daar sien lê. Reuse feesvieringe sal regoor die wêreld plaasvind in reaksie op hul dood. Die feesvieringe sal egter nie lank duur nie. Na drie en 'n half dae sal God hulle wonderbaarlik opwek met dieselfde krag wat Hy Jesus uit die graf laat opstaan het.

Ons sien uit ons teksverse vandag die uiterstes waartoe God sal gaan om ongelowiges tot bekering te roep. Ons sien dit vanaf die profete van die Ou Testament, deur die apostels in die Nuwe Testament, tot en met hierdie profete by die eindtye. Mense van alle stamme, tale, en nasies van die wêreld sal geen verskoning hê nie. God sal vir hulle tyd gee om te bekeer. Die oproep tot bekering deur die profete sal dwarsdeur die wêreld gehoor word, en tog sal talle mense aanhou om hul harte te verhard.

## GEBED

Liewe Here, ons staan tyd af om te bid vir redding vir diegene in ons lewens wat hul harte verhard het teenoor u waarheid en verlossing. Ons staan stil en bid verlossing oor hul lewens af op hierdie oomblik. Gebruik ons asseblief, bemagtig ons, en vul ons met die Heilige Gees om getuies vir hulle te wees. Gebruik ons nou, op hierdie dag, tot u eer. Tot U weer kom, bid ons kom, Here Jesus, kom. Amen.

## OORDENKING

*Week 3*

1. *Hoe het Henog se lewe God behaag? Wat leer dit ons oor hoe ons ons lewens moet leef?*

   ........................................................................................................................................

   ........................................................................................................................................

   ........................................................................................................................................

2. *Watter drie lesse leer ons uit 2 Konings 2:1–18? Hoe kan jy hierdie lesse in jou lewe toepas?*

   ........................................................................................................................................

   ........................................................................................................................................

   ........................................................................................................................................

3. *Wat is een manier waarop jy nou 'n getuie vir Jesus in jou lewe kan wees?*

   ........................................................................................................................................

   ........................................................................................................................................

   ........................................................................................................................................

4. *Terwyl jy wag vir Jesus se wederkoms, wat kan jy vandag doen om meer van Hom met jou bure en vriende te deel?*

   ........................................................................................................................................

   ........................................................................................................................................

   ........................................................................................................................................

5. *Wie dink jy is die twee getuies in Openbaring 11:1–14? Hoekom dink jy so?*

   ........................................................................................................................................

   ........................................................................................................................................

   ........................................................................................................................................

*Wanneer die bevel gegee word en die stem van die aartsengel en die trompet van God weerklink, sal die Here self uit die hemel neerdaal. Allereers sal dié wat in Christus gesterf het, uit die dood opstaan; daarna sal ons wat nog lewe, saam met hulle op die wolke weggevoer word, die lug in, die Here tegemoet. En so sal ons altyd by die Here wees. Troos mekaar dan met hierdie woorde.*

*1 Tessalonisense 4:16-18*

## BID

*Skryf jou gebedsversoeke en lofprysings vir die week neer.*

..........................................................................................................................................................

..........................................................................................................................................................

..........................................................................................................................................................

..........................................................................................................................................................

..........................................................................................................................................................

..........................................................................................................................................................

..........................................................................................................................................................

..........................................................................................................................................................

..........................................................................................................................................................

..........................................................................................................................................................

..........................................................................................................................................................

..........................................................................................................................................................

..........................................................................................................................................................

## WEEKLIKSE UITDAGINGS

*Laat elke dag saakmaak! Vra hierdie week vir die Here om deure van geleentheid oop te maak om te deel waarom jy hoop het terwyl jy na die toekoms kyk.*

..........................................................................................................................................................

..........................................................................................................................................................

..........................................................................................................................................................

..........................................................................................................................................................

..........................................................................................................................................................

..........................................................................................................................................................

..........................................................................................................................................................

..........................................................................................................................................................

## LEES

*Week 4 • Maandag*

*1 Tessalonisense 4:13-18*

Ons wil hê, broers, dat julle nie onkundig moet wees oor wat met die ontslapenes
gaan gebeur nie. Dan sal julle ook nie treur nie, soos die ander mense wat geen
hoop het nie. 14 Ons glo immers dat Jesus gesterwe maar ook opgestaan het.
Net so glo ons ook dat God saam met Jesus die ontslapenes wat in Hom geglo
het, na Hom toe sal neem. 15 Dit sê ons vir julle op grond van wat die Here gesê
het: Ons wat bly lewe tot met die wederkoms van die Here, sal die ontslapenes
hoegenaamd nie voor wees nie. 16 Wanneer die bevel gegee word en die stem van
die aartsengel en die trompet van God weerklink, sal die Here self uit die hemel
neerdaal. Allereers sal dié wat in Christus gesterf het, uit die dood opstaan; 17
daarna sal ons wat nog lewe, saam met hulle op die wolke weggevoer word, die
lug in, die Here tegemoet. En so sal ons altyd by die Here wees. 18 Troos mekaar
dan met hierdie woorde.

## SOAP

*Week 4 • Maandag*

SOAP / *1 Tessalonisense 4:16–18*
SCRIPTURE / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

OBSERVATION / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 4 • Maandag*

### SOAP

*1 Tessalonisense 4:16–18*

*Wanneer die bevel gegee word en die stem van die aartsengel en die trompet van God weerklink, sal die Here self uit die hemel neerdaal. Allereers sal dié wat in Christus gesterf het, uit die dood opstaan; daarna sal ons wat nog lewe, saam met hulle op die wolke weggevoer word, die lug in, die Here tegemoet. En so sal ons altyd by die Here wees. Troos mekaar dan met hierdie woorde.*

### OORDENKING

Watter wonderlike hoop het ons nie in die toekomstige wederkoms van ons Here nie. Alhoewel ons nie die presiese dag of uur weet nie, het ons die onwrikbare belofte dat Hy sal terugkeer soos ons ons oë op die toekoms rig. Ons sien in ons teksverse vandag dat wanneer Christus terugkeer, die Christene wat reeds gesterf het, eerste opgewek sal word. Dan sal dié wat leef met Hom in die woke verenig word wanneer Hy terugkeer.

Een van my gunsteling waarhede uit hierdie Skrifgedeelte is die verklaarde feit dat ons, van daardie oomblik af, vir ewig by Jesus sal wees. Wat 'n bemoedigende belofte!

Hierdie ongelooflike belofte van Christus se wederkoms help ons om te volhard in die beproewings wat ons verduur terwyl ons geduldig wag op sy wederkoms. Dit vertroos ook ons harte, wanneer sommige van ons treur oor die heengaan van 'n geliefde wat 'n gelowige in Christus was. Ons klou aan die belofte dat ons eendag weer met hulle herenig sal word. Ons droefheid is nie vir ewig nie; dit is net tydelik.

Soos Paulus op sy dag die lede van die kerk in Tessalonika bemoedig het, moet ons ook net so maak en diegene om ons bemoedig met hierdie waarheid. Jesus gaan terugkeer, en wanneer Hy terugkeer, sal hierdie tydelike worstelinge tot 'n einde kom. Dié van ons wat in Christus is, het soveel om na uit te sien. Ons beste dae lê nog voor. Gebruik intussen hierdie waarheid om Christene wat jy ken en wat moontlik baie worstelinge ervaar, te bemoedig.

### GEBED

Liewe Here, help my om 'n bemoediging vir die mense om my te wees. Help my om ander op te bou en hul harte te bemoedig soos ons na u wederkoms smag. Help my om my fokus hemelwaarts te rig en aktief te werk om u evangelie te bevorder in die lewens van diegene wat U nog nie ken nie. Help my om in U te bly terwyl ek gretig wag vir die dag wanneer ek vir ewig by U sal wees. Tot daardie dag bid ek, kom, Here Jesus, kom. Amen.

**LEES**

*Week 4 • Dinsdag*

*Titus 2:11-15*

Die genade van God wat verlossing bring, het immers aan alle mense verskyn. 12
Dit voed ons op om die goddelose leefwyse en wêreldse begeerlikhede te laat vaar en met selfbeheersing, opregtheid en godsvrug in die teenswoordige wêreld te lewe, 13 terwyl ons uitsien na die gelukkige dag wat ons verwag. Op daardie dag sal die heerlikheid van ons grote God en Verlosser, Jesus Christus, verskyn. 14 Hy het Homself vir ons as offer gegee om ons van alle ongeregtigheid vry te maak en ons van sonde te reinig, sodat ons sy eie volk kan wees wat ywerig is om die goeie te doen. 15 Dit is die dinge waaroor jy moet praat. Gebruik jou volle gesag om aan te moedig en tereg te wys. Gee aan niemand aanleiding om op jou neer te sien nie.

## SOAP

*Week 4 • Dinsdag*

**SOAP** / *Titus 2:13*
**SCRIPTURE** / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

**OBSERVATION** / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

APPLICATION / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

PRAYER / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 4 • Dinsdag*

### SOAP

*Titus 2:13*

*...Terwyl ons uitsien na die gelukkige dag wat ons verwag. Op daardie dag sal die heerlikheid van ons grote God en Verlosser, Jesus Christus, verskyn.*

### OORDENKING

Die oomblik wanneer Jesus terugkom, sal al ons stryd, pyn, teleurstellings en hartseer eens en vir altyd verby wees. Wat 'n heerlike dag sal dit wees! Geen pyn meer nie. Geen lyding meer nie. Geen beproewinge meer nie. Hoe moet ons dan leef en wag vir hierdie spesiale dag? Vol vreugde en vol hoop.

Ja, die lewe is moeilik. Ja, ons leef in 'n wêreld vol sonde. Ja, boosheid is oral om ons. Maar ons leef nie soos dié sonder hoop nie. In plaas daarvan, verlang en bid ons en sien ons met vreugde uit na die glorieryke terugkeer van ons langverwagte Verlosser. Ons hoop word nie in hierdie gebroke wêreld gevind nie. Ons hoop is in Christus, en sy beloofde, en gretig verwagte, wederkoms. Ons hoop vir beter dae wat voorlê, is net in Hom te vinde. Tot daardie glorieryke dag moet ons mekaar bemoedig met hierdie waarheid: beter dae kom.

Tot daardie dag aanbreek, sal ons dus die evangeliewerk doen wat God aan ons opgedra het. Ons sal die mense rondom ons liefhê en dien, en ons sal die waarheid van die Skrif uitleef vir diegene wat nie verstaan hoe ons met moed en hoop kan kyk na die dae wat voorlê nie. Hoekom? Sodat hulle ook met ons kan deel in hierdie geseënde hoop. Elke dag maak saak. Elke dag tel. Elke dag is nog een dag nader aan Jesus se glorieryke verskyning. Dit is iets om met vreugde na uit te sien!

### GEBED

Liewe Here, help my om elke dag wat U my genadiglik gegee het, te maak tel. Help my om met vreugde uit te sien na die dae wat voorlê terwyl ek smag na U glorieryke wederkoms. Help my om baie vrugte in my lewe te dra sodat ander U in my kan sien. Mag my dae spandeer word om u koninkryk te bevorder en nie my agenda nie. Help my om U as my fokus te hou, en om gretig uit te sien na u terugkeer. Kom, Here Jesus, kom. Amen.

**L E E S**

*Week 4 • Woensdag*

*Lukas 17:22-37*

22 Daarna sê Hy vir die dissipels: “Daar sal dae kom wanneer julle daarna sal
verlang om net een van die dae van die Seun van die mens te sien, maar julle sal
dit nie sien nie. Hulle sal wel vir julle sê: ‘Kyk, daar is Hy!’ of: ‘Kyk, hier is Hy!’ 23
Maar moenie gaan nie en moenie agter hulle aanloop nie! 24 Soos die weerlig wat
uitslaan, die hele lugruim van die een kant na die ander verlig, so sal die Seun van
die mens kom as die dag van sy koms daar is. 25 Maar eers moet Hy baie ly en
deur die mense van hierdie tyd verwerp word. 26 “Net soos dit in die tyd van Noag
gegaan het, so sal dit ook gaan in die tyd van die Seun van die mens: 27 hulle het
maar soos gewoonlik geëet en gedrink en getrou tot op die dag dat Noag in die ark
ingegaan het. Toe kom die sondvloed, en dit het hulle almal uitgewis. 28 In die tyd
van Lot het dit ook net so gegaan: hulle het maar soos gewoonlik geëet en gedrink,
gekoop en verkoop, geplant en gebou. 29 Maar op die dag toe Lot Sodom verlaat
het, het vuur en swael uit die hemel gereën, en dit het almal uitgewis. 30 Net so
sal dit ook gaan op die dag wanneer die Seun van die mens verskyn. 31 “Dan moet
die man wat op die dakstoep sit, nie ingaan om sy besittings in die huis te gryp nie.
Net so moet ook die man wat op die land is, nie omdraai huis toe nie. 32 Onthou
wat met die vrou van Lot gebeur het! 33 Elkeen wat sy lewe probeer behou, sal
dit verloor, maar elkeen wat dit verloor, sal dit behou. 34 Ek sê vir julle: Dan sal
twee mense op een bed slaap, die een sal saamgeneem en die ander een agtergelaat
word. 35 Twee vroue sal koring maal, die een sal saamgeneem en die ander een
agtergelaat word.” 37 Toe vra hulle Hom: “Waar, Here?” Hy sê vir hulle: “Waar aas
lê, daar sal aasvoëls ook bymekaarkom.”

## SOAP

*Week 4 • Woensdag*

SOAP / *Lukas 17:34–35*
SCRIPTURE / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

OBSERVATION / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 4 • Woensdag*

### SOAP

*Lukas 17:34–35*

*"Ek sê vir julle: Dan sal twee mense op een bed slaap, die een sal saamgeneem en die ander een agtergelaat word. Twee vroue sal koring maal, die een sal saamgeneem en die ander een agtergelaat word."*

### OORDENKING

Hierdie verse wys vir ons hoe belangrik dit is om gereed te wees vir Christus se wederkoms. Weereens, hierdie gedeelte sê nie vir ons wanneer Christus sal terugkeer nie, maar dit sê vir ons dat dit 'n wêreldwye gebeurtenis sal wees. Aan die een kant van die wêreld sal mense slaap. Aan die ander kant van die wêreld sal mense werk en hul alledaagse aktiwiteite doen. In beide gevalle is die mense verras deur Christus se skielike wederkoms.

Ons moet gereed wees. As Christus op so 'n manier sal terugkeer dat ons nie kan voorspel nie, op 'n manier wat die hele wêreld sal verras, moet ons elke dag voorbereid vir sy wederkoms leef. Maak nie saak wat ons mag doen wanneer Hy terugkeer nie, ons kan ons harte gereed maak deur Hom te volg, en ons kan voortgaan om die waarheid van die evangelie met diegene rondom ons te deel.

Ons Here sal enige tyd terugkom vir sy volk. Wanneer ons baie van die gebeure wat in hierdie gedeelte beskryf word sien plaasvind, sal ons weet sy wederkoms is naby. Die vraag is, leef ons nou in die lig van sy koms? Indien nie, watter veranderinge moet ons aanbring ten opsigte van ons prioriteite en daaglikse besluite? Bêre ons ons skatte in die hemel waar motte en roes dit nie kan vernietig nie, of klou ons aan ons besittings vas asof die dinge van hierdie wêreld al is wat daar is?

### GEBED

Liewe Heer, dag of nag, help ons om gereed te wees vir U terugkeer. Help ons om nou te belê in dinge wat saak maak en vir ewig sal hou. Help ons om doelgerig te leef. Help ons om harte vir verlorenes te hê, en gee ons woorde om te deel wanneer mense ons vra hoekom ons so hoopvol is. Help ons om 'n lig te wees in hierdie donker wêreld en maak elke dag tel totdat U terugkeer. Tot daardie dag bid ons, kom, Here Jesus, kom. Amen.

## LEES

*Week 4 • Donderdag*

*1 Korintiërs 15:50-58*

Wat ek bedoel, broers, is dit: vlees en bloed kan nie aan die koninkryk van God
deel kry nie. Die verganklike kan nie aan die onverganklike deel kry nie. 51
Kyk, ek maak 'n geheimenis aan julle bekend: Ons sal nie almal sterwe nie, maar
ons sal almal verander word. 52 By die laaste trompet sal dit in 'n oomblik,
in 'n oogknip gebeur, want die trompet sal weerklink, en die dooies sal as
onverganklikes opgewek word, en ons sal verander word. 53 Hierdie verganklike
liggaam moet met die onverganklike beklee word, en hierdie sterflike liggaam met
die onsterflike. 54 En wanneer hierdie verganklike liggaam met die onverganklike
beklee is, en hierdie sterflike liggaam met die onsterflike, dan sal die woord wat
geskrywe staan, vervul word: "Die dood is vernietig, die oorwinning is behaal."
55 "Dood, waar is jou oorwinning? Dood, waar is jou angel?" 56 Die angel van
die dood is die sonde, en die sonde kry sy krag uit die wet van God. 57 Maar ons
dank God dat Hy aan ons die oorwinning gee deur ons Here Jesus Christus. 58
Daarom, liewe broers, wees standvastig, onwankelbaar, altyd oorvloedig in die
werk van die Here, omdat julle weet dat julle inspanning in diens van die Here
nie tevergeefs is nie.

## SOAP

*Week 4 • Donderdag*

SOAP / *1 Korintiërs 15:51–52*
SCRIPTURE / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

OBSERVATION / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 4 • Donderdag*

### SOAP

*1 Korintiërs 15:51–52*

*Kyk, ek maak 'n geheimenis aan julle bekend: Ons sal nie almal sterwe nie, maar ons sal almal verander word. By die laaste trompet sal dit in 'n oomblik, in 'n oogknip gebeur, want die trompet sal weerklink, en die dooies sal as onverganklikes opgewek word, en ons sal verander word.*

### OORDENKING

Ek het nog nie 'n vrou gevind wat nie bly is met die gedagte aan hoe haar nuwe, onverganklike liggaam sal lyk en wees wanneer Christus terugkeer nie. Hierdie waarheid is genoeg vir ons om gretig op Christus se wederkoms te wag! Die gedagte om aan die Here se tafel te aan te sit sonder om bekommerd te wees oor enige kalorieë, klink amper te goed om waar te wees! Hierdie komende wonderwerk kan nie gou genoeg gebeur nie. Die belofte van 'n nuwe en perfekte liggaam, een wat nooit sal verval, pyn voel of siek word nie, bemoedig ons wanneer ons in ons huidige liggame ly. Ons kan ons in hoop verheug, met die wete dat fisiese pyn, gestremdheid en siekte binnekort vir altyd verby sal wees.

Ons lees vandag in ons verse dat, wanneer Christus terugkeer, ons "in 'n oogwink" verander sal word. Met ander woorde, dit sal uiters, byna onmeetbaar, vinnig wees. Wanneer Christus met die laaste basuin terugkeer, sal dramatiese veranderinge plaasvind. Die Jode wat geluister toe hierdie verse geskryf was, sou verstaan dat die basuinblaas 'n teken was dat iets belangrik op die punt was om te begin. Op daardie oomblik sal daar nie tyd wees vir tweede kanse of laaste minuut bekentenisse nie. Daarom is die manier waarop jy nou leef en die keuses wat jy vandag maak so belangrik.

### GEBED

Liewe Here, dankie vir hierdie herinnering aan U naderende wederkoms. Dankie dat U vir my al die inligting gegee het wat ek moet weet. Ek vertrou U met die tydsberekening en die areas wat nog vir my 'n raaisel is. Ek hoef nie die onbekende te vrees nie, want ek weet dat U goed is en dat U my liefhet. Help my om die werk te vervul wat U aan my opgedra het voordat U terugkeer. Tot dan bid ek, kom, Here Jesus, kom. Amen.

**LEES**

*Week 4 • Vrydag*

*Jakobus 5:7-12*

Wag dan geduldig, broers, totdat die Here kom. Let op hoe die boer wag vir die kosbare oes wat die land oplewer. Hy wag geduldig daarvoor totdat dit die vroeë en die laat reëns gekry het. 8 Julle moet ook geduldig wag en moed hou, want dit is nie meer lank nie, dan kom die Here. 9 Moenie oor mekaar kla nie, broers, sodat julle nie veroordeel word nie. Die Regter staan al voor die deur. 10 Broers, neem die profete wat in die Naam van die Here gepraat het, as voorbeelde van lyding en geduld. 11 Ons noem hulle geseënd omdat hulle volhard het. Julle het gehoor van die volharding van Job en julle het gesien waarop die Here dit laat uitloop het. Die Here is immers ryk aan barmhartigheid en ontferming. 12 My broers, dit is baie belangrik dat julle nie 'n eed moet aflê nie, nie by die hemel nie, nie by die aarde nie en ook nie enige ander eed nie. As julle "ja" sê, moet dit "ja" wees; as julle "nee" sê, moet dit "nee" wees. Dan sal julle nie veroordeel word nie.

## SOAP

*Week 4 • Vrydag*

SOAP / *Jakobus 5:7–8*
SCRIPTURE / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

OBSERVATION / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 4 • Vrydag*

### SOAP

*Jakobus 5:7–8*

*Wag dan geduldig, broers, totdat die Here kom. Let op hoe die boer wag vir die kosbare oes wat die land oplewer. Hy wag geduldig daarvoor totdat dit die vroeë en die laat reëns gekry het. Julle moet ook geduldig wag en moed hou, want dit is nie meer lank nie, dan kom die Here*

### OORDENKING

Ons harte smag na Christus om terug te kom. Elke dag terwyl ons na die nuus kyk, nuwe berigte op die internet lees en van vriende hoor, word ons harte in die versoeking gebring om angstig te raak en wil ons hê dat die Here se terugkeer vinnig moet plaasvind. Maar soos ‘n boer moet ons geduldig wees met die oes. Ons is dalk nie fisiese boere nie, maar elkeen van ons moet geestelike boere wees. Ons behoort elkeen saadjies van waarheid in die lewens van ons familielede, vriende en medewerkers te plant.

Geestelike groei vind baie keer nie oornag plaas nie. In plaas daarvan vind jare se plant en verbouing plaas voordat ons dalk die “vrug” van ons arbeid sien. In plaas daarvan om moedeloos te raak, moet ons leer om geduldig te wees en die wag te verduur. Ons weet Jesus kom terug, maar terwyl ons wag, leef ons in ‘n gevalle wêreld wat deur sonde verdorwe is. In hierdie wêreld sal ons probleme, hartseer en lyding hê. Johannes 16:33 herinner ons daaraan dat Jesus die wêreld oorwin het en dat ons deur Hom lewe het.

Daar is nou ‘n aftelling aan die gebeur. Ons Here kom terug. Laat ons intussen ons gedagtes op hierdie waarheid gefokus hou, ons harte daarop rig om lief te hê in plaas van om te mor, en ons oë gretig na sy wederkoms laat kyk. Tot daardie tyd moet ons geduldig wag, voortgaan om saadjies van geloof te plant en beproewinge verduur. ’n Wonderlike oes is net om die draai; die seisoen is naby, so hou aan, liewe vriende!

### GEBED

Liewe Here, help ons om sterk te wees terwyl ons wag vir U terugkeer. Help ons om geduldig te verduur en nie moed te verloor nie. Help ons om mekaar se harte te versterk met die tyd wat ons het. Help ons om aan U vas te hou terwyl ons wag. Gee vir ons woorde om te deel wat diegene in ons lewens sal opbou terwyl ons gretig op U terugkeer wag. Help ons om goeie saadjies van geloof te plant met die dae wat U ons gegee het. Tot daardie wonderlike dag bid ons, kom, Here Jesus, kom. Amen.

## OORDENKING

*Week 4*

1. *In die lig van Jesus se wederkoms soos genoem in 1 Tessalonisense 4:13–18, wat moet ons nou doen?*

   ..............................................................................................................................................

   ..............................................................................................................................................

   ..............................................................................................................................................

2. *Op grond van Titus 2:11–15, waarom kan Christene hoop hê terwyl hulle uitsien na die toekoms?*

   ..............................................................................................................................................

   ..............................................................................................................................................

   ..............................................................................................................................................

3. *Wat is een manier waarop ons gereed kan wees vir Christus se wederkoms?*

   ..............................................................................................................................................

   ..............................................................................................................................................

   ..............................................................................................................................................

4. *Wat maak jou die meeste opgewonde as jy daaraan dink om 'n nuwe, onverganklike liggaam te kry wanneer Christus terugkeer?*

   ..............................................................................................................................................

   ..............................................................................................................................................

   ..............................................................................................................................................

5. *Hoe moet ons wag vir Christus se wederkoms, en hoekom is dit belangrik (lees Jakobus 5:7–12)?*

   ..............................................................................................................................................

   ..............................................................................................................................................

   ..............................................................................................................................................

*En nou, liewe kinders,
julle moet in Hom
bly, sodat ons almal
niks te vrees sal hê
wanneer Hy kom nie
en by sy wederkoms
nie beskaamd voor
Hom sal staan nie.*

*1 Johannes 2:28*

## BID

*Skryf jou gebedsversoeke en lofprysings vir die week neer.*

## WEEKLIKSE UITDAGINGS

*Neem hierdie week tyd om te bid vir Love God Greatly en ander sendingorganisasies wat regoor die wêreld dien. Terwyl ons hierdie week fokus om met 'n missie te leef voor Jesus se koms, bid en ondersteun daardie organisasies wat uitreik na die wêreld om die evangelie tot aan die uithoeke van die aarde te versprei.*

**LEES**

*Week 5 • Maandag*

*Markus 13:32-3*

"Maar niemand weet wanneer daardie dag en uur kom nie, selfs nie die engele in die hemel nie en ook nie die Seun nie. Net die Vader weet dit. 33 Wees op julle hoede; wees waaksaam, omdat julle nie weet wanneer die tyd daar is nie. 34 Dit is soos 'n man wat ver weggegaan en sy huis onder beheer van sy slawe gelaat het. Hy het vir elkeen sy werk gegee en die deurwagter beveel om waaksaam te bly. 35 Bly dus waaksaam, omdat julle nie weet wanneer die huiseienaar kom nie, in die aand of middernag of met hanekraai of die môre vroeg nie, 36 sodat wanneer hy onverwags kom, hy julle nie aan die slaap kry nie. 37 En wat Ek vir julle sê, sê Ek vir almal: Bly waaksaam!"

## SOAP

*Week 5 • Maandag*

**SOAP** / *Markus 13:37*
**SCRIPTURE** / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

**OBSERVATION** / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

APPLICATION / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

PRAYER / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 5 • Maandag*

**SOAP**

*Markus 13:37*

*"En wat Ek vir julle sê, sê Ek vir almal: Bly waaksaam!"*

**OORDENKING**

Dit kan verwarrend en kommerwekkend wees dat ons nie die dag of uur weet wanneer Christus sal terugkeer nie. Ek weet ook dat gebeure rondom die eindtye moeilik kan wees om te verstaan. Om sake te vererger, was daar baie debat onder Bybelgeleerdes oor hierdie kwessies, en hulle het dikwels baie verskillende interpretasies aangeneem.

Alhoewel dit goed is om die eindtydse gebeure te bestudeer, verskillende interpretasies te hoor en tot die gevolgtrekking te kom wat ons die meeste geloofwaardig vind, moet ons die dinge wat ons nie verstaan nie, nederig met God laat. Ons het nie al die antwoorde nie.

Wat ons wel weet, is dat God 'n plan het, en Hy rig alles wat gebeur tot 'n glorieryke toekoms. Elkeen van sy woorde sal vervul word. Hy is in volkome in beheer van die goeie en die slegte.

Daarbenewens het God ons al die inligting gegee wat ons nodig het om 'n lewe te lei wat Hom eer. Laat ons dus daarna streef om in gehoorsaamheid aan sy gebooie, wat duidelik is, te leef. Een van sy instruksies is om waaksaam te bly en gretig die dag van sy wederkoms te verwag.

Om dit te doen, raak ons besig met die werk wat God ons gegee het deur die wêreld en die mense na aan ons met die evangelie te bereik. Terselfdertyd bêre ons nie ons skatte hier op aarde op nie, want ons weet dat hierdie wêreld nie sal bly voortbestaan nie. Ons dae is kosbaar en die tyd is kort, en daarom hou ons ons oë hemelwaarts terwyl ons hande besig bly. Ons deel Christus en die rede vir ons hoop met diegene in ons lewens. Ons staan vas in God se Woord, selfs te midde van vervolging. Ons onthou dat, ongeag hoe donker ons wêreld word, Jesus belowe het dat Hy met ons sal wees tot aan die einde van die tyd (Matteus 28:20).

**GEBED**

Here, help my om waaksaam te bly en besig te bly om u werk te doen terwyl ek wag vir u beloofde terugkeer. Help my om baie vrugte in my lewe te dra tot u eer. Maak asseblief deure oop om die hoop wat ek in U het, met die wêreld rondom my te deel, soos nog nooit tevore nie. Tot daardie tyd, kom, Here Jesus, kom! Amen.

**LEES**

*Week 5 • Dinsdag*

*1 Johannes 2:28-3:3*

En nou, liewe kinders, julle moet in Hom bly, sodat ons almal niks te vrees sal hê wanneer Hy kom nie en by sy wederkoms nie beskaamd voor Hom sal staan nie. 29 Aangesien julle weet dat Hy regverdig is, weet julle ook dat elkeen wat regverdig lewe, 'n kind van God is. 1 Kyk watter groot liefde die Vader aan ons bewys het: Hy noem ons kinders van God, en ons is dit ook. En die wêreld ken ons nie, omdat dit Hom nie ken nie. 2 Geliefdes, ons is nou reeds kinders van God. Dit is nog nie geopenbaar wat ons sal wees nie, maar ons weet dat, wanneer Jesus kom, ons soos Hy sal wees. Ons sal Hom sien soos Hy werklik is. 3 Elkeen wat hierdie verwagting in verband met Hom koester, hou homself rein soos Jesus rein is.

# SOAP

*Week 5 • Dinsdag*

SOAP / *1 Johannes 2:28*
SCRIPTURE / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

OBSERVATION / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 5 • Dinsdag*

### SOAP

*1 Johannes 2:28*

*En nou, liewe kinders, julle moet in Hom bly, sodat ons almal niks te vrees sal hê wanneer Hy kom nie en by sy wederkoms nie beskaamd voor Hom sal staan nie.*

### OORDENKING

Een van die maniere waarop ons vir Christus se wederkoms kan voorberei, is deur in Hom te bly. Wanneer ons in Christus bly, leef ons in 'n verhouding met Hom. Ons doen dit deur tyd saam met Jesus in gebed deur te bring, sy Woord te lees, sy gebooie te gehoorsaam en Hom te vertrou vir die krag om dit te doen. Jesus is ons bron van liefde, krag, geloof en wysheid: regtig alles wat ons nodig het om 'n lewe te leef wat Hom eer. Wanneer ons in Christus bly, kan ons goeie vrugte dra in ons lewens, maar sonder Hom kan ons niks bereik nie (Johannes 15:5).

Alhoewel ons redding nie op ons werke gebaseer is nie, is dit 'n gratis geskenk aan diegene wat glo (Efesiërs 2:8-9). Dis belangrik om te onthou dat ons eendag volgens ons getrouheid geoordeel sal word. Ons sal beloon word op grond van hoe ons God gedien het met die geleenthede en dae wat Hy ons genadiglik gegee het, en ons sal elkeen rekenskap gee van ons lewens (1 Korintiërs 3:10-15). Ons sal belonings in die hemel by die regterstoel van Christus ontvang op grond van hoe ons ons lewens geleef het (sien Romeine 14:10; 2 Korintiërs 5:10).

As ons weet dat ons eendag rekenskap sal gee van hoe ons die gawes, tyd en geleenthede wat Christus ons gegee het, gebruik het, moet ons beweeg word om elke dag ten volle te lewe. Dan, wanneer Christus verskyn, sal ons vertroue hê in wat Hy in ons lewens voortgebring het. Ons weet hoe onbekwaam ons is om sulke goeie vrugte in ons eie inspanning en krag te produseer. Tog, terwyl ons Jesus vertrou en in Hom en in sy Woord bly, sal Hy in ons werk om te doen wat God behaag. Ons moet Hom net daarvoor vra.

### GEBED

Here, help my om te kies om elke dag van my lewe in U te bly. Help my om goeie vrugte vir U te dra en U te eer met die gawes, tyd en geleenthede wat U my gegee het. Tot daardie heerlike dag wanneer U terugkom, bid ek, kom, Here Jesus, kom. Amen.

## LEES

*Week 5 • Woensdag*

*Matteus 24*

Toe Jesus van die tempel af weggaan, het sy dissipels nader gekom en sy aandag
op die tempelgeboue gevestig. 2 Maar Hy antwoord hulle: "Julle sien al hierdie
dinge? Dit verseker Ek julle: Hier sal nie een klip op die ander bly nie; alles sal
afgebreek word." 3 Nadat Jesus op die Olyfberg gaan sit het, kom die dissipels
alleen na Hom toe en vra: "Sê vir ons, wanneer sal hierdie dinge gebeur en wat sal
die teken van u koms en van die einde van hierdie wêreld wees?" 4 Jesus antwoord
hulle: "Pas op dat niemand julle mislei nie. 5 Baie sal onder my Naam kom en
sê: 'Ek is die Christus,' en hulle sal baie mense mislei. 6 Julle sal die rumoer van
oorloë en gerugte van oorloë hoor. Pas op, moenie verskrik word nie. Dit moet
kom, maar dit is nog nie die einde nie. 7 Die een nasie sal teen die ander te staan
kom en die een koninkryk teen die ander; daar sal op baie plekke hongersnode
en aardbewings wees. 8 Al hierdie dinge is geboortepyne, die begin van die nuwe
tyd. 9 "Die mense sal julle oorlewer om mishandel te word, en hulle sal julle
doodmaak. Julle sal deur al die nasies gehaat word omdat julle my Naam bely. 10
In daardie tyd sal baie mense van die geloof afvallig word, en hulle sal mekaar
verraai en mekaar haat. 11 "Daar sal baie vals profete kom, en hulle sal baie
mense mislei. 12 Omdat die minagting van die wet van God sal toeneem, sal die
liefde by baie verkoel. 13 Maar wie tot die einde volhard, sal gered word. 14 En
hierdie evangelie van die koninkryk sal in die hele wêreld verkondig word, sodat
al die nasies die getuienis kan hoor. Eers dan sal die einde kom." 15 "Wanneer
julle ooreenkomstig die woord van die profeet Daniël die ding wat 'n gruwel is
vir God en wat verwoesting aanrig, in die heilige plek sien staan – wie dit lees,
moet dit goed begryp – 16 dan moet dié wat in Judea is, die berge in vlug. 17
Die man wat op die dakstoep sit, moet nie ingaan om sy goed uit die huis te gryp
nie, 18 en die man wat op die land is, moet nie omdraai om sy klere te gaan haal
nie. 19 "Dit sal bitter swaar gaan met die vrouens wat in daardie tyd swanger
is en met dié wat nog klein kindertjies het. 20 Bid dat julle nie in die winter
of op 'n sabbatdag hoef te vlug nie, 21 want in daardie tyd sal daar so 'n groot
verdrukking wees soos daar van die begin van die wêreld af nie was nie en ook nie
weer sal wees nie. 22 En as dit nie was dat God daardie tyd ingekort het nie, sou
geen mens dit oorleef nie; maar ter wille van die uitverkorenes sal God daardie
tyd inkort. 23 "As iemand in daardie tyd vir julle sê: 'Kyk, hier is die Christus!'
of: 'Kyk, daar is Hy!' moet julle dit nie glo nie. 24 Daar sal vals christusse en
vals profete na vore kom, en hulle sal groot tekens en wonderwerke doen om, as
dit moontlik was, selfs die uitverkorenes te mislei. 25 Kyk, Ek het dit vir julle
vooruit gesê. 26 En as die mense vir julle sê: 'Kyk, Hy is in die woestyn!' moet
julle nie daarheen gaan nie; of as hulle sê: 'Hy is in die slaapkamer!' moet julle dit

## LEES

*Week 5 • Woensdag*

nie glo nie. 27 Die koms van die Seun van die mens sal wees soos 'n weerligstraal
wat in die ooste uitslaan en die hele lugruim tot in die weste verlig. 28 "Waar die
aas ook al lê, daar sal die aasvoëls bymekaarkom."' 29 "Kort na die verdrukking
van daardie tyd sal die son verduister word, en die maan sal nie skyn nie; die
sterre sal uit die ruimte val, en die kragte van die hemelruim sal ontwrig word.
30 "Dan sal die teken van die Seun van die mens in die hemelruim verskyn, en
al die volke van die aarde sal verslae wees. Hulle sal die Seun van die mens op
die wolke van die hemel sien kom met groot krag en majesteit. 31 Die groot
trompet sal weerklink, en Hy sal sy engele uitstuur om sy uitverkorenes bymekaar
te maak uit die vier windstreke, van elke uithoek van die aarde af." 32 "Leer dit
van die vyeboom as voorbeeld: wanneer sy takke begin sag word en hy blare kry,
weet julle die somer is naby. 33 So moet julle ook wanneer julle al hierdie dinge
sien, weet dat die tyd naby is, voor die deur. 34 Dit verseker Ek julle: Nog in
die leeftyd van hierdie geslag sal dit alles gebeur. 35 Die hemel en die aarde sal
vergaan, maar my woorde nooit." 36 "Maar niemand weet wanneer daardie dag
en uur kom nie, nie die engele in die hemel nie en ook nie die Seun nie. Net die
Vader weet dit. 37 Soos dit in die dae van Noag was, sal dit ook wees by die koms
van die Seun van die mens. 38 In daardie dae voor die sondvloed het hulle soos
gewoonlik geëet en gedrink en getrou tot op die dag dat Noag in die ark ingegaan
het. 39 Hulle het nie besef wat aan die gang was nie, totdat die sondvloed gekom
en hulle almal weggesleur het. Net so sal dit gaan by die koms van die Seun van
die mens. 40 Dan sal twee mense op die land werk, die een sal saamgeneem en die
ander een agtergelaat word. 41 Twee vroue sal by die meul koring maal, die een
sal saamgeneem en die ander een agtergelaat word. 42 Bly dus waaksaam, omdat
julle nie weet watter dag julle Here kom nie. 43 "Onthou dit: as die huiseienaar
geweet het watter tyd van die nag die dief kom, sou hy wag gehou het en nie
toegelaat het dat daar in sy huis ingebreek word nie. 44 Om dieselfde rede moet
julle ook altyd gereed wees, want die Seun van die mens kom op 'n uur dat julle
dit nie verwag nie." 45 "Wie is eintlik die getroue en verstandige slaaf vir wie sy
eienaar oor sy ander slawe aangestel het om hulle op tyd kos te gee? 46 Dit is die
slaaf vir wie sy eienaar by sy tuiskoms so aan die werk sal kry. Gelukkig is hy! 47
Dit verseker Ek julle: Hy sal hom aanstel oor alles wat hy besit. 48 "Maar as dit 'n
slegte slaaf is, sal hy by homself dink: my eienaar bly lank weg. 49 Dan sal hy die
ander slawe begin slaan en saam met die dronkaards eet en drink. 50 Die eienaar
van daardie slaaf sal op 'n dag kom dat hy dit nie verwag nie, en op 'n uur wat hy
nie vooraf weet nie. 51 Dan sal sy eienaar hom laat doodmaak en hom die lot van
huigelaars laat deel. Daar sal hulle huil en op hulle tande kners."

## SOAP

*Week 5 • Woensdag*

SOAP / *Matteus 24:42–44*
SCRIPTURE / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

OBSERVATION / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 5 • Woensdag*

### SOAP

*Matteus 24:42-44*

*Bly dus waaksaam, omdat julle nie weet watter dag julle Here kom nie. Onthou dit: as die huiseienaar geweet het watter tyd van die nag die dief kom, sou hy wag gehou het en nie toegelaat het dat daar in sy huis ingebreek word nie. Om dieselfde rede moet julle ook altyd gereed wees, want die Seun van die mens kom op 'n uur dat julle dit nie verwag nie.*

### OORDENKING

Jesus het dikwels van die eindtyd gepraat. Die Bergrede is die naam wat aan hierdie gedeelte van die Skrif gegee word waar Jesus oor eindtydse gebeure geleer het terwyl hy op die Olyfberg was (Matteus 24:1–25:46). In ons verse vandag praat Jesus in detail oor sy toekomstige terugkeer en die gebeure wat daartoe lei.

Ons sal verdrukkinge in ons lewe ondervind, soos mense deur die jare regoor die wêreld ondervind het. Ongeag waarvoor ons te staan kom: vervolging, siekte, oorlog, onderdrukking, hongersnood of mishandeling, ons hoop is op Christus. As gelowiges in Christus sal ons lyding verduur, maar ons hoop is nie om van lyding gered te word nie. Ons hoop is in die offer van Christus, in sy versoeningswerk aan die kruis en in sy opstandingskrag wat ons het wanneer ons in Hom glo. Wanneer ons ons geloof in Christus geplaas het, is ons toekoms en ons ewigheid veilig in Hom. Hy is ons hoop.

Jesus het belowe om terug te keer, en Hy hou sy beloftes. Wat Hy beloof het, sal Hy doen. Terwyl ons dus wag vir sy wederkoms, wil Jesus hê dat ons ons lewens waaksaam moet leef vir sy koms. Dit beteken nie dat ons in vrees leef nie, maar in afwagting. Ons leef ons lewens met 'n missie, met 'n doel, en gefokus op die bevordering van sy Koninkryk met die dae wat ons gegee is. Wanneer ons leef soos God ons beveel om te lewe, hoef ons nie bekommerd te wees oor wanneer Jesus sal terugkom nie.

### GEBED

Liewe Here, help my om my lewe waaksaam en gereed te leef vir u wederkoms. Gebruik my asseblief kragtig in die lewens van diegene wat U nog nie ken nie. Gee my 'n hart vir die verlorenes. Ek bid vir verlossing vir diegene wat ver van U af is en vir diegene wat nie glo dat hulle U in hulle lewens nodig het nie. Gebruik my asseblief tot u heerlikheid in hierdie laaste dae terwyl ek wag vir u wederkoms. Tot daardie dag bid ek, kom, Here Jesus, kom. Amen.

## LEES

*Week 5 • Donderdag*

*Matteus 25*

“Dan sal dit met die koninkryk van die hemel gaan soos met tien meisies wat
hulle lampe gevat het om die bruidegom te gaan inwag. 2 Vyf van hulle was
onverstandig en vyf verstandig. 3 Die onverstandiges het hulle lampe gevat maar
nie ekstra olie met hulle saamgevat nie, 4 terwyl die verstandiges saam met hulle
lampe ook nog olie in houers gevat het. 5 Toe die bruidegom lank wegbly, het
hulle almal vaak geword en aan die slaap geraak. 6 “In die middel van die nag
was daar ‘n geroep: ‘Hier kom die bruidegom! Gaan hom tegemoet!’ 7 Toe staan
al die meisies op en maak hulle lampe reg. 8 Die onverstandiges sê toe vir die
verstandiges: ‘Gee vir ons van julle olie, want ons lampe gaan dood.’ 9 Maar die
verstandiges antwoord: ‘Nee, daar is nie genoeg vir ons en vir julle nie. Gaan
liewer winkel toe en koop vir julle olie.’ 10 “Terwyl die onverstandiges olie gaan
koop het, het die bruidegom gekom. Dié wat gereed was, het saam met hom
ingegaan na die bruilof toe, en die deur is gesluit. 11 “Later kom die ander
meisies ook daar aan en roep: ‘Meneer, Meneer, maak vir ons oop!’ 12 Maar die
bruidegom antwoord: ‘Ek sê vir julle: Ek ken julle nie!’ 13 “Waak dan, omdat
julle nie weet op watter dag en uur dit sal gebeur nie.” 14 “Verder gaan dit
soos met ‘n man wat op reis wou gaan. Hy het sy slawe bymekaargeroep en sy
besittings aan hulle toevertrou. 15 Vir een het hy vyf goue muntstukke gegee,
vir ‘n ander twee, en vir ‘n derde een. Hy het aan elkeen volgens sy bekwaamheid
gegee en toe op reis gegaan. 16 “Die een wat vyf goue muntstukke ontvang het,
het dadelik daarmee gaan werk en ‘n wins gemaak van nog vyf. 17 So ook die
een wat twee gekry het: hy het ‘n wins gemaak van nog twee. 18 Maar die slaaf
wat een gekry het, het ‘n gat in die grond gaan grawe en sy eienaar se geld daarin
weggesteek. 19 “Na ‘n lang tyd het die eienaar van daardie slawe teruggekom en
van hulle rekenskap gevra. 20 Die een wat vyf goue muntstukke ontvang het,
kom toe en bring die ander vyf saam, en sê: ‘Meneer, vyf goue muntstukke het
u aan my toevertrou. Hier is dit met vyf ander wat ek wins gemaak het.’ 21 Toe
sê sy eienaar vir hom: ‘Mooi so! Jy is ‘n goeie en getroue slaaf. Oor min was jy
getrou, oor baie sal ek jou aanstel. Kom in en deel in my vreugde!’ 22 “Toe kom
die een met die twee goue muntstukke en sê: ‘Meneer, twee goue muntstukke
het u aan my toevertrou. Hier is dit met twee ander wat ek wins gemaak het.’ 23
Sy eienaar sê toe vir hom: ‘Mooi so! Jy is ‘n goeie en getroue slaaf. Oor min was
jy getrou, oor baie sal ek jou aanstel. Kom in en deel in my vreugde!’ 24 “Toe
kom die een wat een goue muntstuk ontvang het, en sê: ‘Meneer, ek ken u en
weet dat u ‘n harde man is, wat oes waar u nie gesaai het nie, en pluk waar u nie

## LEES

*Week 5 • Donderdag*

geplant het nie. 25 Omdat ek bang was, het ek u muntstuk in die grond gaan
begrawe. Hier het u u geld terug.' 26 Toe sê sy eienaar vir hom: 'Jy is 'n slegte en
'n lui slaaf! Jy het geweet dat ek oes waar ek nie gesaai het nie, en pluk waar ek
nie geplant het nie. 27 Dan moes jy my geld in die bank gesit het, en ek sou dit
by my koms met rente teruggekry het. 28 Vat die muntstuk van hom af weg en
gee dit aan die een wat die tien het. 29 Aan elkeen wat het, sal meer gegee word,
en hy sal oorvloed hê; maar van hom wat nie het nie, sal ook die bietjie wat hy
het, weggevat word. 30 En gooi die nuttelose slaaf uit in die diepste duisternis
daarbuite. Daar sal hulle huil en op hulle tande kners.' " 31 "Wanneer die Seun
van die mens in majesteit kom en al die engele saam met Hom, sal Hy op sy
koninklike troon gaan sit. 32 Al die volke sal voor Hom bymekaar gebring word,
en Hy sal die mense van mekaar skei soos 'n wagter die skape van die bokke
skei. 33 Die skape sal Hy regs en die bokke links van Hom laat staan. 34 "Dan
sal die Koning vir dié aan sy regterkant sê: 'Kom, julle wat deur my Vader geseën
is! Die koninkryk is van die skepping van die wêreld af vir julle voorberei. Neem
dit as erfenis in besit, 35 want Ek was honger, en julle het My iets gegee om te
eet; Ek was dors, en julle het My iets gegee om te drink; Ek was 'n vreemdeling,
en julle het My gehuisves; 36 Ek was sonder klere, en julle het vir My klere gegee;
siek, en julle het My verpleeg; in die tronk, en julle het My besoek.' 37 Dan sal
dié wat die wil van God gedoen het, Hom vra: 'Here, wanneer het ons U honger
gesien en U gevoed, of dors en U iets gegee om te drink? 38 En wanneer het ons
U 'n vreemdeling gesien en U gehuisves, of sonder klere, en vir U klere gegee? 39
Wanneer het ons U siek gesien of in die tronk en U besoek?' 40 En die Koning
sal hulle antwoord: 'Dit verseker Ek julle: Vir sover julle dit aan een van die
geringste van hierdie broers van My gedoen het, het julle dit aan My gedoen.'
41 "Dan sal die Koning vir dié aan sy linkerkant sê: 'Gaan weg van My af, julle
vervloektes! Gaan na die ewige vuur wat vir die duiwel en sy engele voorberei
is, 42 want Ek was honger, en julle het My niks gegee om te eet nie; Ek was dors,
en julle het My niks gegee om te drink nie; 43 Ek was 'n vreemdeling, en julle
het My nie gehuisves nie; sonder klere, en julle het My nie klere gegee nie; siek
en in die tronk, en julle het My nie versorg nie.' 44 Dan sal hulle ook antwoord:
'Here, wanneer het ons U honger of dors of 'n vreemdeling of sonder klere of siek
of in die tronk gesien en U nie gehelp nie?' 45 En Hy sal hulle antwoord: 'Dit
verseker Ek julle: Vir sover julle dit aan een van hierdie geringstes nie gedoen het
nie, het julle dit aan My ook nie gedoen nie.' 46 En hierdie mense sal die ewige
straf ontvang, maar dié wat die wil van God gedoen het, die ewige lewe."

**SOAP**

*Week 5 • Donderdag*

SOAP / *Matteus 25:12*
SCRIPTURE / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

OBSERVATION / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

# DAGSTUKKIE

*Week 5 • Donderdag*

**SOAP**

*Matteus 25:12*

*Maar die bruidegom antwoord: Ek sê vir julle: Ek ken julle nie.*

**OORDENKING**

Die Bergrede gaan voort in Matteus 25. In hierdie gedeelte van die Skrif lees ons nog gelykenisse wat Jesus op die Olyfberg aangaande die eindtyd geleer het. Een gelykenis wat my altyd bekommer het toe ek jonger was, was die gelykenis van die Tien Meisies. Ek wou seker maak dat wanneer Christus weer kom, ek gereed was.

Deel daarvan om gereed en voorbereid te wees, is om seker te maak jy ken Jesus persoonlik. Dit is nie genoeg om van Jesus te weet nie. Om feite oor Hom te ken soos jy sou oor 'n historiese karakter uit die geskiedenisklas, is nie voldoende nie. Om van Jesus te weet, is nie dieselfde as om 'n persoonlike verhouding met Hom te hê nie. Om stories oor Jesus te ken, sal jou nie in die hemel kry nie. Om uit 'n sterk Christelike huis te kom en van kleins af oor Jesus geleer te word, is ook nie dieselfde as om Hom persoonlik te ken nie.

Jy kan nie hemel toe gaan op grond van jou stamboom nie. Om seker te maak dat jy by die bruilofsfees ingesluit is en nie ongenooi is nie, is deur die bruidegom — Jesus Christus — persoonlik te ken. Jou verhouding met Jesus moet jou eie wees. Dit kan nie oorhandig, gekoop of geleen word nie. Die skokkende waarheid van hierdie gelykenis is dat daar mense sal wees wat dink dat hulle Christene is omdat hulle mislei is om te dink dat om van Jesus te weet, dieselfde is as om 'n persoonlike verhouding met Hom te hê. Hulle sal wees soos die vyf meisies wie se olie opgeraak het en wat nie voorbereid was toe die bruidegom teruggekeer het nie, omdat hulle nie werklik hulle geloof in Jesus Christus as hulle Here en Verlosser gestel het nie.

**GEBED**

Liewe Heer, vandag dra ek almal in my lewe op wat van U weet en glo dat hulle gered is. Ek bid dat hulle hulle fout sal sien voordat U terugkeer. Gebruik my en ander in hulle lewens om hulle te help om te sien dat dit nie dieselfde is om van U te weet as om U te ken nie. Ek bid dat almal in my lewe 'n persoonlike verhouding met U sal hê, en dat ons almal voorbereid sal wees op daardie wonderlike dag wanneer U terugkeer. Tot dan bid ek, kom, Here Jesus, kom. Amen.

## LEES

*Week 5 • Vrydag*

*Lukas 21*

Jesus het rondgekyk en die rykes hulle gawes in die offergawekis sien gooi. 2 Hy sien toe ook 'n arm weduwee twee klein muntstukkies daar ingooi, 3 en Hy sê: "Dit verseker Ek julle: Hierdie arm weduwee het meer ingegooi as al die ander. 4 Hulle het almal iets uit hulle oorvloed in die offergawekis gegooi, maar sy het in haar gebrek alles ingegooi wat sy gehad het om van te lewe." 5 Toe sommige oor die tempel praat, oor die pragtige klippe en gewyde geskenke waarmee dit versier was, sê Jesus: 6 "Alles wat julle sien – daar sal 'n tyd kom dat nie een klip op die ander gelaat sal word nie. Alles sal afgebreek word." 7 Hulle vra Hom toe: "Here, wanneer sal hierdie dinge gebeur en wat is die teken van wanneer dit gaan plaasvind?" 8 Hy antwoord: "Pas op dat julle nie mislei word nie, want baie sal onder my Naam kom en sê: 'Dit is ek!' en: 'Die tyd het aangebreek!' Moenie agter hulle aanloop nie! 9 Wanneer julle hoor van oorloë en opstande, moenie beangs raak nie, want hierdie dinge moet eers plaasvind, maar dit is nog nie onmiddellik die einde nie." 10 Verder sê Hy vir hulle: "Die een nasie sal teen die ander te staan kom en die een koninkryk teen die ander. 11 Daar sal groot aardbewings wees; hongersnode en epidemies sal op baie plekke voorkom. Daar sal skrikwekkende dinge wees en groot tekens van die hemel af. 12 "Maar nog voordat dit alles gebeur, sal hulle julle gevange neem en vervolg. Hulle sal julle oorlewer vir verhoor in die sinagoges en vir opsluiting in gevangenisse; hulle sal julle voor konings en goewerneurs bring ter wille van my Naam. 13 Dit sal vir julle 'n geleentheid wees om van My te getuig. 14 Stel julle dus daarop in om julle nie vooraf oor julle verdediging te kwel nie, 15 want Ek sal vir julle die woorde en die wysheid gee wat deur geeneen van julle teenstanders teengespreek of weerlê kan word nie. 16 Julle sal selfs deur julle ouers en broers en familie en vriende verraai word, en hulle sal party van julle doodmaak. 17 En julle sal ter wille van my Naam deur almal gehaat word, maar 18 daar sal selfs nie eens 'n haar van julle kop af val nie. 19 Deur julle volharding moet julle julleself red." 20 "Wanneer julle sien dat Jerusalem deur leërs omsingel word, moet julle weet dat sy verwoesting naby is. 21 Dan moet dié wat in Judea is, die berge in vlug, en dié wat in die stad is, daaruit padgee, en dié wat op die plase is, nie na

## LEES

*Week 5 • Vrydag*

die stad toe gaan nie, 22 want in daardie dae voltrek God sy straf. Alles wat geskrywe staan, word dan bewaarheid. 23 "Dit sal bitter swaar gaan met die vrouens wat in daardie tyd swanger is en met dié wat nog klein kindertjies het, want daar sal groot nood in die land heers, en God sal hierdie volk straf. 24 "Sommige sal deur die swaard val en ander as krygsgevangenes na al die nasies toe weggevoer word. Jerusalem sal deur die heidennasies vertrap word totdat ook hulle tyd verby is." 25 "Daar sal tekens wees aan son, maan en sterre. Op aarde sal daar radeloosheid onder die volke wees uit angs vir die gebulder van die see en sy vloedgolwe. 26 Die mense sal beswyk van vrees en spanning oor die dinge wat oor die hele wêreld aan die kom is, want die kragte van die hemelruim sal ontwrig word. 27 En dan sal hulle die Seun van die mens met groot krag en majesteit op 'n wolk sien kom. 28 As hierdie dinge begin gebeur, staan dan regop en lig julle kop op, want dan is julle verlossing naby." 29 Toe vertel Hy hulle 'n gelykenis: "Let op die vyeboom en al die ander bome. 30 Sodra julle sien dat hulle begin uitloop, weet julle vanself dat die somer al naby is. 31 Net so moet julle ook, wanneer julle hierdie dinge sien gebeur, weet dat die koninkryk van God naby is. 32 Dit verseker Ek julle: Nog in die leeftyd van hierdie geslag sal al hierdie dinge gebeur. 33 Die hemel en die aarde sal vergaan, maar my woorde nooit." 34 "Wees op julle hoede dat julle gees nie deur onmatige etery en drinkery en deur die sorge van die lewe afgestomp word nie en dat daardie dag julle nie onverhoeds soos 'n vangnet oorval nie. 35 Daardie dag sal skielik op al die bewoners van die hele aarde neerkom. 36 Maar wees waaksaam en bid altyddeur dat julle die krag kan ontvang om deur al hierdie dinge wat gaan gebeur, behoue deur te kom en om voor die Seun van die mens te verskyn." 37 Bedags was Jesus in die tempel besig om die mense te leer, maar snags het Hy uitgegaan en buite op die Olyfberg vernag. 38 In die môre vroeg het die hele volk dan weer in die tempel na Hom kom luister.

## SOAP

*Week 5 • Vrydag*

SOAP / *Lukas 21:34–36*

SCRIPTURE / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

OBSERVATION / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 5 • Vrydag*

### SOAP

*Lukas 21:34–36*

*Wees op julle hoede dat julle gees nie deur onmatige etery en drinkery en deur die sorge van die lewe afgestomp word nie en dat daardie dag julle nie onverhoeds soos 'n vangnet oorval nie. Daardie dag sal skielik op al die bewoners van die hele aarde neerkom. Maar wees waaksaam en bid altyddeur dat julle die krag kan ontvang om deur al hierdie dinge wat gaan gebeur, behoue deur te kom en om voor die Seun van die mens te verskyn.*

### OORDENKING

Dit is moeilik om nie toe te laat dat die vrese en angs van hierdie lewe ons harte beswaard maak nie. In die afgelope paar jaar het ons gesien hoe baie mense sukkel onder die gewig van hul omstandighede. Soms voel dit of wanhoop oral om ons is.

Mense het hoop nodig. Mense het Jesus nodig. Hulle moet weet dat die goeie op die ou end sal oorwin en dat hulle saam met Christus altyd hoop op die hemel sal hê, 'n hoop wat eendag 'n werklikheid sal wees vir almal wat hul geloof in Jesus Christus geplaas het.

Intussen moet ons die Woord van God gebruik om die vrese en bekommernisse wat ons in die gesig staar te beveg. Ons kan nie passief toelaat dat onsself en ander deur wanhoop oorweldig word nie. Ek hou baie van hoe vers 34 sê dat ons moet oppas dat ons harte nie beswaar word nie.

Om op te pas is iets wat ons aktief en doelgerig moet doen. Ons moet doelbewus terugveg teen die bekommernisse wat ons in die lewe in die gesig staar deur ons laste na God te bring in gebed en besef dat hierdie wêreld nie ons tuiste is nie. Beter dae lê voor. Jesus kan enige tyd terugkeer. Die pyne, verdukkinge en bekommernisse van hierdie lewe sal nie vir ewig duur nie. God het 'n plan en niks is buite sy beheer nie.

### GEBED

Liewe Here, gee ons die krag om te volhard. Help ons om op U gefokus te bly sowel as op die hoop van ewigheid wat ons in U het. Beskerm ons soos U terugkoms nader en nader kom. Help ons om dapper te wees op die dae wat ons wil wegkruip. Gee ons die onderskeidingsvermoë soos hierdie wêreld meer en meer bedrieglik word. Help ons om wakker te bly en ons lewens in doelgerigte afwagting te leef terwul ons geduldig wag vir U terugkeer. Tot daardie dag bid ek, kom Here Jesus kom. Amen.

## OORDENKING

*Week 5*

1. *Wat is 'n paar maniere waarop jy doelbewus waaksaam kan bly vir Jesus se wederkoms terwyl jy ook besig is met die werk wat Hy jou gegee het om te doen?*

   ..........

   ..........

   ..........

2. *Hoe kies jy vandag om in Christus te bly?*

   ..........

   ..........

   ..........

3. *Op watter maniere leef jy tans op 'n sending vir ons Here terwyl jy wag vir sy wederkoms?*

   ..........

   ..........

   ..........

4. *Hoe word sommige mense geflous deur te dink dat hulle Christene is, terwyl hulle dit nie eintlik is nie?*

   ..........

   ..........

   ..........

5. *Hoe kan jy keer dat jou hart beswaard word met die bekommernisse van die wêreld?*

   ..........

   ..........

   ..........

*Laat ons ook na mekaar omsien deur mekaar aan te spoor tot liefde en goeie dade. Ons moenie van die samekomste van die gemeente af wegbly soos party se gewoonte is nie, maar mekaar eerder aanmoedig om daarheen te gaan, en dit des te meer namate julle die oordeelsdag sien nader kom.*

*Hebreërs 10:24-25*

## BID

*Skryf jou gebedsversoeke en lofprysings vir die week neer.*

## WEEKLIKSE UITDAGINGS

*Maak dit 'n gewoonte om ander Christene in jou lewe doelbewus aan te moedig. Ons het almal aanmoediging nodig en dit is belangrik om nie aanmoediging van mekaar te weerhou nie. Reik uit na jou pastore, vrouebedieningsleiers en Bybelstudieleiers. Dank hulle vir die diens aan jou en jou gemeenskap. Maak tyd om vir hulle te bid en vir hulle te vertel hoeveel hul werk vir jou beteken.*

## LEES

*Week 6 • Maandag*

*Hebreërs 10:19-25*

Broers, ons het dus nou deur die bloed van Jesus vrye toegang tot die heiligdom, 20 en dit op ‘n weg wat nuut is en na die lewe lei. Hierdie weg het Hy vir ons gebaan deur die voorhangsel heen, dit is deur sy liggaam. 21 En terwyl ons Hom ook as groot priester oor die huis van God het, 22 laat ons tot God nader met ‘n opregte hart en met volle geloofsekerheid. Ons harte is immers gereinig van ‘n skuldige gewete, en ons liggame is gewas met skoon water. 23 Laat ons styf vashou aan die hoop wat ons bely, want God is getrou: Hy doen wat Hy beloof het. 24 Laat ons ook na mekaar omsien deur mekaar aan te spoor tot liefde en goeie dade. 25 Ons moenie van die samekomste van die gemeente af wegbly soos party se gewoonte is nie, maar mekaar eerder aanmoedig om daarheen te gaan, en dit des te meer namate julle die oordeelsdag sien nader kom.

## SOAP

*Week 6 • Maandag*

SOAP / *Hebreërs 10:24–25*
SCRIPTURE / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

OBSERVATION / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 6 • Maandag*

### SOAP

*Hebreërs 10:24–25*

*Laat ons ook na mekaar omsien deur mekaar aan te spoor tot liefde en goeie dade. Ons moenie van die samekomste van die gemeente af wegbly soos party se gewoonte is nie, maar mekaar eerder aanmoedig om daarheen te gaan, en dit des te meer namate julle die oordeelsdag sien nader kom.*

### OORDENKING

Ek dink mense wat ander bemoedig is superhelde. Glo jy my nie? Dink net terug aan die laaste keer toe iemand jou bemoedig het. Het jy nie 'n bietjie sterker, dapperder of meer gewaardeer gevoel nie? Ek glo bemoedigers is superhelde wat God in ons gemeenskappe geplant het om ons te help om nie moed te verloor nie. Hulle bemoediging bou ander op om hulle te help om die worstelinge wat hulle in die gesig staar, te weerstaan.

Bemoedigers is meer nodig in ons wêreld as wat ons besef. Neem 'n oomblik en dink aan die kere wat iemand in jou lewe jou onverwags begemoedig het. Miskien was dit 'n vriendelike woord wat geuiter is of 'n nota of SMS. Hoe die bemoediging gelewer is, is nie so belangrik soos wat die bemoediging aan jou gedoen het nie. Hoe dit jou geraak het, hoe dit jou geliefd en nodig laat voel het en jou die moed gegee het om nog 'n dag aan te gaan, iets wat enige superheld sou doen.

Soos die dag nader en nader aan Christus se wederkoms kom, gaan die gawe van bemoediging so belangrik wees. Ons het mekaar nodig. Ons het mekaar nodig om getuienisse van God se goedheid te deel wanneer ons seerkry. Ons het mekaar nodig om ons jare se wysheid wat verkry is uit ons lewenswandel saam met Jesus, te deel sodat ons nie moeg word nie. Ons het mekaar nodig want ons het bemoediging nodig vir die dae wat voorlê. Ons was nie bedoel om die lewe op ons eie te trotseer nie. God is met ons en ons het 'n gemeenskap rondom ons nodig om ons te herinner aan daardie waarheid, veral op die besonder moeilike dae.

Wil jy die wêreld verander? Wees 'n bemoediger.

As God jou uniek toegerus het met die gawe van bemoediging, besef jy is presies wat hierdie wêreld nou nodig het. Gaan voort om diegene rondom jou te bemoedig. Jy is geskape hiervoor.

### GEBED

Liewe Heer, dankie vir die herinnering aan hoe belangrik die gawe van bemoediging in ons wêreld vandag is. Help my om diegene rondom my aan te moedig. Gee my die woorde om te deel dat diegene rondom my opgebou kan word. Gebruik my om ander na U te wys. My lewe is tot U eer. Kom Here Jesus, kom. Amen.

## LEES

*Week 6 • Dinsdag*

*Titus 2:11-15*

Die genade van God wat verlossing bring, het immers aan alle mense verskyn. 12 Dit voed ons op om die goddelose leefwyse en wêreldse begeerlikhede te laat vaar en met selfbeheersing, opregtheid en godsvrug in die teenswoordige wêreld te lewe, 13 terwyl ons uitsien na die gelukkige dag wat ons verwag. Op daardie dag sal die heerlikheid van ons grote God en Verlosser, Jesus Christus, verskyn. 14 Hy het Homself vir ons as offer gegee om ons van alle ongeregtigheid vry te maak en ons van sonde te reinig, sodat ons sy eie volk kan wees wat ywerig is om die goeie te doen. 15 Dit is die dinge waaroor jy moet praat. Gebruik jou volle gesag om aan te moedig en tereg te wys. Gee aan niemand aanleiding om op jou neer te sien nie.

## SOAP

*Week 6 • Dinsdag*

**SOAP** / *Titus 2:11–13*
**SCRIPTURE** / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

**OBSERVATION** / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 6 • Dinsdag*

### SOAP

*Titus 2:11–13*

*Die genade van God wat verlossing bring, het immers aan alle mense verskyn. Dit voed ons op om die goddelose leefwyse en die wêreldse begeerlikhede te laat vaar en met selfbeheersing, opregtheid en godsvrug in die teenswoordige wêreld te lewe, terwyl ons uitsien na die gelukkige dag wat ons verwag. Op daardie dag sal die heerlikheid van ons Grote God en Verlosser, Jesus Christus, verskyn.*

### OORDENKING

God is baie spesifiek deur vir ons te vertel hoe ons moet leef in aanloop tot sy wederkoms. Ek weet ons leef in ‘n onderstebo wêreld waar wat reg is as verkeerd beskou word en wat verkeerd is as reg beskou word. Maar net omdat die wêreld so is, beteken dit nie dat ons dieselfde moet wees nie. Met die krag van die Heilige Gees aan die werk in ons lewens kan ons die versoeking weerstaan om soos die wêreld te wees. Aangesien meer en meer mense blykbaar ‘n gebrek aan selfbeheer het, kan ons selfbeheerde lewens lei en nie in versoeking of selfsugtige begeertes toegee nie. Soos ons onsself van die wêreld afsonder as ‘n getuie van die verandering wat Jesus in ons gebring het, kan ons opreg en godvrugtig lewe. Dit beteken nie dat ons lewens perfek is nie, maar dit beteken dat ons iets van Christus weerspieël deur die manier waarop ons kies om te lewe.

Terwyl ons wag vir hierdie vreugdevolle vervulling van ons hoop op Christus se glorieryke werderkoms, laat ons doelbewuste lewens leef wat die liefde wat ons vir God het weerspieël. Mag ons gehoorsaamheid voortvloei uit ons liefde vir God. In plaas daarvan om met vrees na die wêreld te kyk, kom ons sien dit as ‘n plek van geleentheid en deel Christus met diegene wat nie weet wat die rede is vir die hoop wat ons het nie (1 Petrus 3:15). Dit is nou die tyd om hierdie wonderlike gawe van hoop in Christus met diegene rondom ons te deel. Ons hoef nie al die antwoorde te hê nie, maar ons het ‘n passie nodig om ons deel te doen om te help om verlossing aan alle mense te bring. Moenie ‘n fout maak nie, jy is in hierdie presiese geslag gebore vir so ‘n tyd soos hierdie.

### GEBED

Liewe Heer, skep in my ‘n liefde en passie vir diegene in hierdie wêreld wat ver van U af is. Help my om hulle te sien soos U hulle sien met oë vol liefde, genade en barmhartigheid. Gebruik my kragtig nou, op hierdie dag, om U te help weerspieël na ‘n kykende wêreld. Gee my die geleenthede om te deel met diegene wat die rede soek vir die hoop wat ek het. Gebruik my kragtig met die gawes wat U vir my gegee het tot die dag wat U terugkom. Terwyl ek gretig wag vir U terugkeer, sal ek aanhou bid, kom Here Jesus kom, Amen.

## LEES

*Week 6 • Woensdag*

*1 Tessalonisense 5:1-11*

Oor die tyd en omstandigheid wanneer hierdie dinge sal gebeur, is dit nie nodig
om aan julle te skrywe nie, broers. 2 Julle weet self maar alte goed dat die dag van
die Here onverwags kom soos ‘n dief in die nag. 3 Wanneer die mense sê: “Alles
is rustig en veilig,” sal die ondergang hulle skielik oorval soos geboortepyne ‘n
swanger vrou, en niemand sal ontkom nie. 4 Maar, broers, julle leef nie in die
duisternis nie; dié dag sal julle nie soos ‘n dief oorval nie. 5 Julle is tog almal
mense van die lig, mense van die dag; ons is nie van die nag of die duisternis
nie. 6 Laat ons dan nie slaap soos die ander nie, maar laat ons wakker bly en
nugter wees. 7 Dié wat slaap, is van die nag; en dié wat hulle dronk drink, is van
die nag. 8 Maar ons wat van die dag is, moet nugter wees; ons moet geloof en
liefde as borsharnas dra en die hoop op verlossing as helm. 9 God het ons tog nie
bestem om gestraf te word nie, maar om deur ons Here Jesus Christus verlos te
word. 10 Hy het ter wille van ons gesterwe, sodat ons, of ons by sy koms nog lewe
of reeds dood is, saam met Hom kan lewe. 11 Praat mekaar moed in en versterk
mekaar dan met hierdie woorde, soos julle trouens reeds doen.

## SOAP

*Week 6 • Woensdag*

SOAP / *1 Tessalonisense 5:9–11*
SCRIPTURE / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

OBSERVATION / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

APPLICATION / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

PRAYER / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 6 • Woensdag*

### SOAP

*1 Tessalonisense 5:9-11*

*God het ons tog nie bestem om gestraf te word nie, maar om deur ons Here Jesus Christus verlos te word. Hy het ter wille van ons gesterwe, sodat ons, of ons by sy koms nog lewe of reeds dood is, saam met Hom kan lewe. Praat mekaar moed in en versterk mekaar dan met hierdie woorde, soo julle trouens reeds doen.*

### OORDENKING

Die toorn van God wat vir ons bestem was as gevolg van ons sonde, is eerder op Christus aan die kruis uitgestort. Hy het ons sondes gedra (1 Petrus 2:24). God het Sy toorn op Jesus aan die kruis uitgestort in plaas van op ons, sondaars wat sy toorn verdien.

Voordat God se toorn oor die aarde kom, sal ongelowiges valslik oor vrede en veiligheid praat, sonder om te weet dat God se toorn om die draai is. Die Bybel beskryf hierdie dae as kraampyne voor 'n vrou geboorte gee. Die sametrekkings neem toe beide in erns en gereeldheid, hoe nader ons aan die koms van die baba is, of in hierdie geval, die koms van God se koninkryk.

Hoe leef ons in die lig van hierdie toekomstige gebeure? Ons bemoedig mekaar. Ons wat sy naam dra, is kinders van die dag. Ons leef lewens wat selfbeheersd is, vol geloof en liefde. Ons geloof in God en ons liefde vir ander beskerm ons harte, en die versekering en hoop van ons redding beskerm ons verstand. Ons kan sonder vrees na die toekoms kyk. Wanneer die lewe moeilik is en ons hartseer, moelikheid of verraad ervaar, gee ons nie op en verloor ons nie moed nie. Hoekom? Omdat ons weet God het ons lief en ons toekoms is veilig in sy almagtige hande.

In die lig van hierdie waarheid, bemoedig mekaar. Dra mekaar se laste. Bly in God se Woord en laat elke dag saakmaak.

### GEBED

Liewe Here, gee my woorde om diegene rondom my op te bou. Help my om vrygewig te wees met my bemoediging en lei my na diegene wat ek moet bemoedig en gee my die regte woorde om te sê. Help my om 'n beter bemoediger te wees in hierdie laaste dae. Wys my hoe ek u hande en voete kan wees vir diegene wat dit nodig het. Dankie, Jesus, vir hoe U ons liefhet en onderhou. Dankie dat U God se toorn aan die kruis gedra het. U is wonderbaarlik in elke opsig! Tot die dag wanneer ons U van aangesig tot aangesig kan sien, bid ons, kom Here Jesus, kom. Amen.

## LEES

*Week 6 • Donderdag*

*2 Timoteus 4:1-8*

Ek beveel jou voor God en voor Christus Jesus wat die lewendes en die dooies sal oordeel, ek beveel jou met die oog op sy koms en sy koningskap: 2 verkondig die woord; hou daarmee vol, tydig en ontydig; weerlê, bestraf, bemoedig deur met alle geduld onderrig te gee, 3 want daar sal 'n tyd kom wanneer die mense die gesonde leer nie meer sal verdra nie. Hulle sal hulle eie begeertes volg en vir hulle leermeesters bymekaarmaak wat net sal sê wat hulle graag wil hoor. 4 Hulle sal die waarheid nie wil hoor nie en hulle tot verdigsels wend. 5 Maar bly jy in alle omstandighede nugter, verdra lyding, doen jou werk as verkondiger van die evangelie, voer al die pligte van jou bediening uit. 6 Wat my betref, ek word alreeds as drankoffer uitgegiet. Die tyd van my dood is voor die deur. 7 Ek het die goeie wedloop afgelê; ek het die wenstreep bereik; ek het gelowig end-uit volgehou. 8 Nou wag die oorwinnaarskroon vir my, die lewe by God. Op die dag dat Hy weer kom, sal die Here, die regverdige Regter, dit vir my gee, en nie net vir my nie, maar ook vir almal wat met verlange uitsien na sy koms.

## SOAP

*Week 6 • Donderdag*

**SOAP /** *2 Timoteus 4:5*
**SCRIPTURE /** *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

**OBSERVATION /** *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 6 • Donderdag*

### SOAP

*2 Timoteus 4:5*

*Maar bly jy in alle omstandighede nugter, verdra lyding, doen jou werk as verkondiger van die evangelie, voer al die pligte van jou bediening uit.*

### OORDENKING

Weet jy dat God 'n missie vir jou lewe het? Ons weet 'n dag kom wanneer ons almal rekenskap sal gee van ons lewens. Paulus deel dat hy die goeie stryd gestry het, hy het die wedloop voltooi wat God hom gegee het, en deur dit alles, die opdraandes, die afdraandes, die beproewinge en die vervolging, het hy die geloof behou. Paulus het geweet Jesus, die regverdige Regter, sou hom eendag die kroon van geregtigheid gee – 'n beloning omdat hy sy lewe goed geleef het. Hierdie beloning is nie beperk tot Paulus nie, maar is vir almal van ons wat swaarkry verduur, 'n evangelis se werk doen en die bediening wat Christus vir ons gegee het, vervul.

Daar is 'n glorieryke beloning aan die einde van ons marathon lewe, liewe vriendin. EK weet die wedloop kan soms moeilik wees. Mense wil nie God se waarheid hoor wat regstel, bestraf en bemoedig nie. As jy soos ek is, kan jy soms in die versoeking kom om op te hou. Maar ek wil jou aanmoedig om soos Paulus te wees en die moeilike tye, swaarkry en stryd te verduur. Kies om voort te gaan. Moenie opgee nie. Gee jou alles om die take te doen wat God vir jou in hierdie lewe gegee het. Moet nooit vergeet dat hierdie lewe die oefenveld is vir 'n groter lewe wat kom nie. Wat jy hier doen maak vir ewig saak.

### GEBED

Liewe Here, help my om getrou te bly in die wedloop van die lewe waarin U my geplaas het. Ek wil hê dat my lewe, my wedloop, eer aan U moet bring. Help my om te volhard wanneer ek lus is om op te gee. Help my om die goeie stryd te veg, en bly daarin tot die einde toe. Dankie vir die belofte dat U altyd by my is. Tot die dag toe ek by U kosbare voete is, bid ek, kom, Here Jesus, kom. Amen.

**LEES**

*Week 6 • Vrydag*

*Matteus 28:16-20*

Die elf dissipels het na Galilea toe gegaan na die berg waarheen Jesus hulle beveel
het om te gaan. 17 Toe hulle Hom sien, het hulle Hom aanbid, hoewel party
getwyfel het. 18 Jesus kom toe nader en sê vir hulle: “Aan My is alle mag gegee in
die hemel en op die aarde. 19 Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense
my dissipels: doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige
Gees, en 20 leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het. En onthou:
Ek is by julle al die dae tot die voleinding van die wêreld.”

## SOAP

*Week 6 • Vrydag*

SOAP / *Matteus 28:19–20*

SCRIPTURE / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

OBSERVATION / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 6 • Vrydag*

### SOAP

*Matteus 28:19-20*

*Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels: doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees, en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het. En onthou: Ek is by julle al die dae tot die voleinding van die wêreld."*

### OORDENKING

Jesus is met ons tot die einde toe. Ons ken ons doel. Ons ken ons missie. Ons word opdrag gegee om uit te gaan na die wêreld en dissipels van alle nasies te maak. Om in die wêreld uit te gaan beteken om na ander lande te reis, en dit beteken ook om die straat oor te steek of in sommige gevalle, selfs die kamers in ons huise. Ons moet Christus deel met diegene wat naby en ver is. Ons moet ander van God se Woord leer en hoe om dit te gehoorsaam. Dit is meer as net 'n bekering; Jesus wil hê ons moet hierdie geslag dissipels maak.

Wanneer jy dink aan die wyse hoe Jesus gekies het om sy twaalf dissipels te leer, sal jy sien dat Hy hulle nie net God se Woord geleer het nie, maar ook hoe om dit uit te leef. Dit is nie genoeg om God se Woord in ons gedagtes te ken nie; ons moet toelaat dat God se Woord ons harte binnedring en ons van binne na buite verander. God se Woord moet 'n impak hê op die manier waarop ons ons lewens leef, die manier waarop ons ander liefhet, dien en behandel. Alhoewel dit alles 'n proses is en tyd neem, sien ons dat Jesus saam met 'n uitgesoekte groep van twaalf mans geleef het en in hulle belê het. Hierdie mans was ver van volmaak. Hulle het Jesus nie altyd verstaan nie, maar Jesus het nooit opgegee met hulle nie.

Dissipelskap is moeilik. Dissipelskap neem tyd. Maar dit is die opdrag wat Jesus vir ons gelaat het: doen soos Ek gedoen het. Getalle maak nie saak nie. Giet jou lewe in 'n groep individue. Leer hulle God se Woord en hoe om dit te gehoorsaam. Reik uit na diegene wat plaaslik en diegene aan die uithoeke van die aarde is. Niemand is te ver van God af nie. Almal is welkom aan die voet van die kruis. Hy het dit self gedoen, en Hy het ons iets belowe wat ons altyd moet onthou: Hy is altyd by ons.

### GEBED

Here, dankie vir die belofte dat U altyd by ons is. Vandag bid ek vir guns en oop deure om met vrymoedigheid te deel met diegene naby my en enige plek waarheen U my kan stuur. Dankie vir hierdie geleentheid om 'n rol te speel in hierdie wonderlike liefdesverhaal wat U met ons lewens skryf. Maak asseblief die harte en gedagtes van hierdie geslag oop vir U liefde. Ek bid dat hierdie geslag van hulle sondige weë sal bekeer en tot U sal draai. Ek bid vir redding vir diegene wat U nog nie ken nie, en ek bid dat die Heilige Gees kragtig sal werk deur die van ons wat U naam dra. Ek bid vir 'n magtige oes soos nog nooit tevore nie. Ek bid dat u koninkryk sal kom en dat u wil sal geskied. Tot die dag wat ons U van aangesig tot aangesig sien, sal ons bid, kom, Here Jesus, kom. Amen.

## OORDENKING

*Week 6*

1. *Wat is 'n paar maniere waarop jy vandag ander in jou lewe kan aanmoedig?*

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

2. *Wat sou jy vandag sê as iemand jou vra hoekom jy soveel hoop het as jy na jou toekoms kyk?*

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

3. *Volgens 1 Tessalonisense 5:9–11, waarvoor het God Christene bestem? Hoe bemoedig dit jou hart vandag?*

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

4. *Wat is die opdrag waartoe God jou geroep het? Wat moet jy doen om hierdie opdrag te vervul?*

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

5. *Wie in jou lewe kan jy help om 'n volgeling van Jesus te word?*

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

# Sluit By Ons Aan

**AANLYN**

*lovegodgreatly.com*
*lovegodgreatly.com/afrikaans*

**JOERNALE**

*lovegodgreatly.com/store*

**FACEBOOK**

*lovegodgreatly*
*lovegodgreatlyafrikaans*

**INSTAGRAM**

*@lovegodgreatlyofficial*
*@lovegodgreatlyafrikaans*

**APP**

*Love God Greatly*

**KONTAK ONS**

*info@lovegodgreatly.com*
*lovegodgreatlyafrikaans@gmail.com*

**SKAKEL BY ONS IN**

*#LoveGodGreatly*
*#LoveGodGreatlyAfrikaans*

# VIR JOU

## *Wat ons bied*

Meer as 40 Vertalings
Bybelleesplanne
Aanlyn Bybelstudie
Love God Greatly Toepassing
Meer as 200 Lande Bedien
Bybelstudie Joernale
Gemeenskapsgroepe
Love God Greatly Bybel
Love God Greatly Joernaal

## *Elke studie sluit in*

Drie Blogplasings per Week
Daaglikse Dagstukkies
Memoriseerverse
Weeklikse Uitdagings
Weeklikse Oordenkingsvrae
Oorbruggings Leesplan

## *Ander studies*

Die Grootste Geskenk
Geloof Bo Volmaaktheid
In Jesus Is Jy...
Vriendskap
In die Begin
Die Evangelie van Markus
Verlos van Skande
Ewige Verbond
Jesus, Ons Alles
Ken die Liefde
In Sy Krag: Gister en Vandag
Vrees en Angs
Opgestaan
Nader tot God
Saligsprekinge
Ester
Woorde Maak Saak
Wandel in Oorwinning
Laat Reg Geskied, Bewys Liefde En Trou, Lewe
Bedagsaam Voor Jou God
Getroue Liefde
Wees Dapper
Verlosser
Beloftes van God
Liefde Sonder Vooroordeel
Waarheid Oorwin
1 & 2 Tessalonisense
Vrees en Angs
Jakobus
Sy Naam Is...
Filippense
1 & 2 Timoteus
Toegewy
Rut
Gebroke en Verlos
Wandel in Wysheid
God Met Ons
Jy is Vergewe
Dawid
Prediker
Groei deur Gebed
Name van God
Galasiërs
Psalm 119
1 & 2 Petrus
Gemaak vir Verhoudings
Die Pad na Kersfees
Die Bron van Dankbaarheid
Jy is Geliefd